

**Intuïsie en die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke
beroeppe by studente.**

J.J.B. DU TOIT Hons. B.A.

**Skripsi (artikel formaat) vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad Magister Artium in Voorligtingpsigologie aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Studieleier: Dr A.W. Nienaber

**November 2003
Potchefstroom**

INHOUDSOPGawe

VOORWOORD EN DANKBETUIGINGS.....	i
SUMMARY	iii
OPSOMMING	v
TOESTEMMING	vii
BEOOGDE TYDSKRIF EN RIGLYNE VIR SKRYWERS	viii
MANUSKRIP	x

VOORWOORD

Die navorser het die keuse uitgeoefen om die skripsie, getiteld, “Intuïsie en die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke beroepe by studente”, in artikel formaat weer te gee. Die artikel gaan aan die *Suid-Afrikaanse tydskrif vir hoër onderwys*, voorgelê word vir publikasie.

DANKBETUIGINGS

Die navorser wil graag die volgende universiteite, departemente en persone bedank vir die onderskeie bydraes wat hulle gelewer het tydens die navorsing.

Ek wil my dank betuig aan my studieleier, Dr A.W. Nienaber van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir al die insette, wat sy gelewer het tydens die beplanning, uitvoering, verwerking en prosessering van die navorsing. Dankie ook vir al die geduld en aanmoediging tydens die jaar.

Prof. C.D. Jacobs, Dr. B.H. du Toit en Me. M. Ngcuka van Studente-Ondersteuningsdienste aan die Universiteit van Pretoria, wil ek net graag bedank vir die beskikbaarstelling en toestemming vir die gebruik van die data vir die kwantitatiewe navorsing en ook dat u genoegsame tyd vir my navorsing beskikbaar gestel het. Ek wil graag ook ‘n spesiale woord van dank rig tot my twee kollegas, Me. Kleinot en Me. Kruger vir die hulp met die invoering van die kwantitatiewe data op ‘n databasis vir verwerking, asook vir die inspirasie en geduld met my gedurende die navorsingsproses. My waardering aan Me. R. Paul vir die reëlings ten opsigte van organisering van navorsingstyd binne my werkprogram, sowel as navrae en reëlings, wat sy soms in my afwesigheid moes hanteer.

My dank aan Me. R. Owen en Me. L. Bodenstein van die Departement Statistiek vir die verwerking van die data van die kwantitatiewe navorsing. U vinnige diens en leiding ten opsigte van die interpretasie van die resultate word oopreg waardeer.

Prof. M.D. Sauthoff en Prof. M.L. Slabbert van die Departement Beeldende Kunste en Prof. C.G. Trichardt van die Departement Drama, wil ek graag bedank vir die

bereidwilligheid, wat hulle getoon het om reëlings met die tweedejaar studente te tref ten opsigte van die kwalitatiewe navorsing.

My dank gaan ook aan Me. L. Visser van die Akademiese Inligtingsdiens vir die bystand met die verskeie soektogte op verskillende databasisse vir die mees resente inligting, ten opsigte van toepaslike literatuur en die aanvraag van bronne, wat nie plaaslik beskikbaar was nie.

Ek wil graag ten laastens aan my familie en vriende, wat my gedurende hierdie jaar ondersteun het, ‘n spesiale woord van dank bring. Sonder julle ondersteuning, aanmoediging, hulp en liefde, sou dit nie vir my moontlik gewees het om hierdie werk te voltooi nie.

SUMMARY

Intuition and the interest in creative thought - and artistic careers of students.

Key Words: intuition, feeling, thoughts, creative thoughts, artistic careers, performing arts, fine arts, Jung, Carl Gustav.

The research examined the links between intuition, interest in creative thought and the artistic interests of students. Most literature in the past linked intuition with creativity and artistic aptitude, but the question about the specific influence thereof on choosing an artistic career led to many different perspectives. The influence of thoughts and feelings on intuition was examined, as well as their connection to artistic inspiration. The researcher proposed that these factors provide a basis for an artistic career. Research was done on the links between interest in creative thought, artistic interest and intuition. The difference in correlation between intuition and Fine Arts and Performing Arts was also examined. The literature study focused on Jung's typology of personality, and his descriptions of intuition, feelings, thoughts, creative thoughts, art, artistic interest and inspiration, fine arts and performing arts, and their links with intuition. Quantitative research was done as a once-off cross-sectional design. Eight hundred and sixteen students of the University of Pretoria were included in the quantitative research. Intern Psychologists of Student Support Services evaluated these participants with the Jung Personality Questionnaire (JPQ), the South African Vocational Interest Inventory (SAVII) and the 19-Field Interest Inventory (19-FII). Two-directional frequency analyses were used to determine the links between the results of the intuition factor and the feeling and thought factors of the JPQ. The Spearman correlation coefficients were used as measures of the strength of general relation between the results of the intuition factor of the JPQ and the results of Fine Arts, Performing Arts and Creative Thought of the 19-FII and the A 2 (Creative design) and A 3 (Entertainment) of the SAVII. Variance analyses were used to determine the influence of intuition on interest in Fine Arts and Performing Arts. The responses to interview schedules by participants from two focus groups, namely 5 second year Drama students and 5 Fine Arts students, were analysed in the qualitative research. Most participants from the quantitative

study fell within the intuition-feeling category and the percentage of participants in the intuition-feeling category was greater than those in the intuition-thought category. Results were supported by the qualitative study. The conclusion was reached that intuition is more linked to feeling than is thought. Inspiration for art does develop from feeling, but it will be communicated by thoughts, after interplay between intuition and feeling. The quantitative study confirmed that intuition plays a bigger role than sensation when there is interest in careers requiring creative thought. Interest in creative thought also showed a positive link with interests in fine arts and performing arts. The conclusion was drawn that intuition plays an important role in occupations involving interest in creative thought. However, interest in creative thought is still dependent on feeling for verification in the creative process. The research showed that intuition, a personal life-long passion, or love of art were determining factors when an artistic career choice was made. It was therefore concluded that intuition has a strong relation to artistic interest. It was determined that intuition, as well as factors such as a person's strengths and weaknesses, and knowledge of the requirements and demands of success, work together in shaping an artistic career choice. Intuition showed a tendency for a greater correlation with Fine Arts than with Performing Arts. The research had certain deficiencies, as it was only conducted on university students and it did not make provision for environmental influences. The qualitative research was too structured and the JPQ was not developed initially for quantitative analyses. The examination of interest in creative thought could not provide an explanation of the complete creative process. However, the research was of value to counselling psychologists for making career recommendations, as it provided valuable information in artistic careers. It also created a possible framework for future research on the assessment of artists to assist them in developing and reaching their full potential.

OPSOMMING

Intuisie en die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke beroepe by studente.

Sleutel terme: intuisie, gevoel, denke, kreatiewe denke, artistieke beroepe, uitvoerende kunste, beeldende kunste, Jung, Carl Gustav

Hierdie navorsing het die verband tussen intuisie en belangstelling in kreatiewe denke enersyds, en andersyds die belangstelling in artistieke loopbane by studente bestudeer. Die meeste literatuur het in die verlede intuisie in verband gebring met kreatiwiteit en artistieke aanleg, maar die vraag rondom die spesifieke invloed daarvan op artistieke beroepskeuse het steeds baie teenstrydighede veroorsaak. Die invloed van denke en gevoel by intuisie, en die verband of bydrae daarvan tot artistieke inspirasie, is bestudeer. Dit was die navorsers se veronderstelling dat hierdie faktore 'n basis vorm vir artistieke beroepe. Navorsing is gedoen oor die verbande tussen belangstelling in kreatiewe denke, artistieke belangstelling en wat intuisie se verband daarmee sou wees. Die verskil in korrelasie tussen intuisie en die Beeldende kunste en die Uitvoerende kunste is bestudeer. Die literatuurstudie het gefokus op Jung se tipologie van persoonlikheid, en sy omskrywing van intuisie, gevoel, denke, kreatiewe denke, kuns, artistieke belangstelling en inspirasie, beeldende – en uitvoerende kunste, en die verbande met intuisie. Kwantitatiewe navorsing is in die vorm van 'n eenmalige deursnitopname-ontwerp gedoen. Agt honderd-en-sestien studente van die Universiteit van Pretoria is in die kwantitatiewe navorsing ingesluit. Dié deelnemers is aan die hand van die Jung-Persoonlikheidsvraelys (JPV), die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys (SABBV) en die 19-Veldbelangstellingsvraelys (19-VBV) geëvalueer deur Intern-Sielkundiges van die Studente-Ondersteuningsdienste. Daar is van tweerigting-frekwensieverdeling gebruik gemaak om die verband tussen resultate op die intuisie-faktor en gevoel- en denke-faktore van die JPV te bepaal. Spearman se rangkorrelasiekoeffisiënt is aangewend as maatstaf van die sterkte van algemene verwantskap tussen resultate op die intuisie-faktor van die JPV en die resultate op die Beeldende Kunste, die Uitvoerende Kunste en Kreatiewe Denke van die 19-VBV en die A 2 (Ontwerp: Skeppend) en A 3 (Vermaak) van die SABBV.

Variansie-ontleding is gebruik om die invloed van intuïsie op belangstelling in die Beeldende en die Uitvoerende kunste te bepaal. Kwalitatiewe navorsing is gedoen deur die response te ontleed van deelnemers uit twee fokusgroepe, naamlik 5 tweedejaar Drama-studente en 5 Beeldende Kunste-studente op 'n ondershoudskedule. Die grootste persentasie deelnemers van die kwantitatiewe ondersoek het binne die intuïsie-gevoel-kategorie gevval en die persentasie van die steekproef in die intuïsie-gevoel-kategorie was hoër as dié in die intuïsie-denke-kategorie. Resultate is ondersteun deur response van die kwalitatiewe ondersoek. Daar is tot die gevolg trekking gekom dat intuïsie meer verband hou met gevoel as denke. Inspirasie vir die kunste ontstaan wel uit gevoel, maar dit sal deur die tussenspel van gevoel en intuïsie deur denke gekommunikeer word. Die kwantitatiewe navorsing het bevestig dat intuïsie 'n groter rol speel as waarneming in belangstelling in kreatieve denke-beroep. Belangstelling in die Beeldende kunste en Uitvoerende Kunste het 'n positiewe verwantskap met belangstelling in kreatieve denke getoon. Die gevolg trekking is bereik dat intuïsie 'n belangrike rol speel by die keuse van kreatieve denke-beroep, maar ook dat belangstelling in kreatieve denke steeds afhanklik is van gevoel vir verifikasie in die kreatieve proses. Volgens die navorsing was intuïsie, 'n lewenslange passie of 'n voorliefde vir kuns, bepalende faktore by artistieke beroepskeuse, en dit het bevestig dat intuïsie 'n sterk verwantskap toon met artistieke belangstelling. Daar is dus gevind dat intuïsie, tesame met faktore soos die persoon se sterktes en tekortkominge en kennis van die voorwaardes en vereistes van sukses, saamwerk by artistieke beroepsbesluitneming. 'n Tendens is verkry dat die korrelasie tussen intuïsie en die Beeldende kunste sterker is as met die Uitvoerende kunste. Die navorsing het beperkings getoon aangesien dit eensydig toegepas is op universiteitstudente en nie voorsiening vir omgewingsinvloede gemaak het nie. Die kwalitatiewe navorsing was te gestructureerd en die JPV is nie oorspronklik ontwikkel om kwantitatief ontleed te word nie. Die ondersoek ten opsigte van belangstelling in kreatieve denke was beperkend ten opsigte van die verklaring van die volle kreatieve proses. Die navorsing was egter van waarde vir voorligtingsielkundiges vir aanwending by beroepsaanbevelings, deurdat dit waardevolle inligting oor artistieke beroep verskaf het. Dit het ook die weg gebaan vir toekomstige navorsing oor die evaluering van kunstenaars ter ondersteuning van hulle ontwikkeling en die bereiking van hulle volle artistieke potensiaal.

TOESTEMMING

Ek, die mede-outeur, verleen hiermee toestemming aan Jan J.B. du Toit om die volgende manuskrip in te dien vir die doel as 'n skripsie. Dit mag ook aan die *Suid-Afrikaanse tydskrif vir hoër onderwys* voorgelê word vir publikasie.

.....

Dr. A.W. Nienaber

SOUTH AFRICAN JOURNAL OF HIGHER EDUCATION GUIDELINES AND CONDITIONS

Editorial policy:

Articles in English or Afrikaans are invited for consideration provided that they have not been published and are not under consideration elsewhere. Each article should be accompanied by an **abstract of 100-150 words** on a separate sheet. Articles in Afrikaans must have a summary of 500 words in English preceding the introduction, and the Conclusion must be repeated in English at the end of the article. The *South African Journal of Higher Education* publishes original contributions within any field of higher education. The Journal follows a policy of blind peer review and **accepts submissions only from Journal subscribers or members of the South African Association of Research and Development in Higher Education**. Criteria for acceptance include an approach which is analytical or descriptive, the incorporation of crossnational comparisons and evidence of wide generalisability. The intrinsic interest, conciseness and clarity of submissions are also important considerations, as are the absence of technical jargon and the fact that findings are intelligible to the nonexpert reader.

The Editors reserve the right to place contributions in the section they deem suitable and, to reject submissions without divulging the reason(s) for doing so. No copies of the manuscript or other materials will be returned. A complimentary copy of the relevant issue will be posted to each of the authors whose names appear under the title of contributions. Two additional copies of the specific issue may be purchased at R50.00 each. No honorarium is paid to authors. **Page fees will be charged.**

Manuscript submissions:

Manuscripts that do not conform to the requirements listed below will not be considered for publication.

Three high-quality copies of the manuscript accompanied by an **IBM PC-compatible DS/DD diskette** and a **nonrefundable handling fee of R50,00** (made out to the SAJHE) should be sent to **Philip Higgs, Editor-in-Chief, South African Journal of Higher Education, University of South Africa, PO Box 392, Unisa, 0003, Republic of South Africa**. The above should be accompanied by a declaration that the manuscript has been properly edited for language usage together with the name and address of the person who undertook the language editing. Manuscripts should be printed on one side of the paper only, double spaced, with a left margin of at least 3 cm. Copies must not be justified on the right-hand side of the page. Articles may **not exceed 5 000 words** in length, including the Bibliography, summary and any graphic material.

Headings in bold print and capitals should be placed to the left-hand margin: sub-headings must be underlined.

Quotations of up to 100 words should form part of the normal flow of the text and must be enclosed in single inverted commas. A quotation within a quotation should be indicated by means of double inverted commas. Quotations of more than 100 words must be blocked and indented five spaces. No italics or quotation marks are to be used

unless the piece quoted contains quotation marks or italics. **Tables, illustrations and figures** must each be placed on a separate sheet, and must not be included in the text. They will not be redrawn, and should therefore be presented as a set of artwork in finished form. The editors reserve the right to refuse publication of any submission in which the artwork is not of an acceptable standard.

A separate page should carry the title of the article, its author(s), and relevant biographical information. The first page of the text proper should carry the title of the contribution, but not the name(s) of the author(s).

References should be listed alphabetically at the end of the article using the following standard form:

Books

Smith R J & Van der Merwe N J 1960. *Themes in higher education*. London: Benton.
Towards a philosophy of higher education. 1985. Edited by RJ Smith. London: Benton.

Chapters in books

Smith R J 1981. Comparative themes in higher education, in *Trends in higher education*, edited by JN Green, London: Benton.

Journal articles

Smith R J 1990. Policy studies in higher education. *South African Journal of Higher Education*, 3(2):51-59.

Theses and dissertations

Smith R J 1984. Critical theory and university transformation. DPhil thesis, University of South Africa, Pretoria.

Newspaper articles

Rand Daily Mail. 1980. 25 June: 7.

Website references

Norwood G 1999. Maslow's hierarchy of needs.
(<http://www.connect.net/georgen/maslow.html>)

MANUSKRIP

Intuïsie en die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke beroepe
by studente.

Jan J.B. du Toit, Hons. B.A.

Dr. Alida W. Nienaber, Ph.D. (Psigologie)

Skool vir Psigo-sosiale Gedragswetenskappe: Psigologie

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Privaatsak X6001

POTCHEFSTROOM

2520

Suid-Afrika

ABSTRAK

Intuïsie en die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke beroepe by studente.

Sleutel terme: intuïsie / intuition

gevoel / feeling

denke / thoughts

kreatiewe denke / creative thought

artistieke beroepe / artistic careers

uitvoerende kunste / performing arts

beeldende kunste / fine arts

Jung, Carl Gustav

Intuïsie. Wat is die verbande met belangstellings in kreatiewe denke en artistieke beroepe by studente? Die invloede van denke of gevoel op intuïsie is bestudeer om die waarde daarvan te bepaal vir artistieke beroepskeuse en kreatiewe inspirasie. Resulata van die kwantitatiewe ondersoek van 816 studente is bevestig deur 'n kwalitatiewe ontleding van twee fokusgroepe. Daar is bevind dat intuïsie en denke afhanklik van gevoel is, terwyl belangstelling in kreatiewe denke weer deur intuïsie en gevoel beïnvloed kan word. 'n Loopbaan in kuns sou dus beïnvloed word deur intuïsie, gevoel (Root-Bernstein, 2002), subjektiwiteit (Williams & Irving, 1996) en kreatiewe denke. Intuïsie toon 'n tendens tot 'n sterker korrelasie met die beeldende kunste as met die uitvoerende kunste.

INLEIDING

Intuïsie. Is dit die oorsprong van die estetiese? Sal kunstenaars kreatief kan wees en iets uit niks skep as daar nie 'n dryfeer is wat hulle inspireer en motiveer nie? Sou die mens homself blind staar teen die wêreld as kunswerk in totaliteit en daardeur sy oorsprong misken? Hierdie is vrae waarmee vele mense worstel, wat daartoe lei dat die spirituele, die magiese en selfs vreemde verskynsels verken word wanneer verklarings gesoek word vir die keuse van 'n loopbaan in die kunste.

Die antwoorde waarna gesoek word lê nie noodwendig daarbuite nie, maar is gesetel in die kern van menswees:

"But what am I to do with an empty book?

"How will I know the story?"

Close your eyes . . .

Every word is part of a picture . . .

Every sentence is a picture . . .

All you do is let your imagination put them together . . .

If you have the imagination – that is. (Uit die film, "Freak, The Mighty")

Hierdie studie beoog om terug te beweeg na die bekende en dit te verklaar aan die hand van die onbewuste se betrokkenheid. Inspirasie en die invloed van intuïsie op besluitneming is te bespeur in die kunswerke rondom ons. Wanneer die verband bestudeer word tussen intuïsie andersyds, en belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke loopbane andersyds, is dit dalk juis nodig om toegang te verkry tot die eie onbewuste dryfveer en jou dalk net te oortuig -

"Follow your heart, hold onto your soul.

That is the way I know.

Follow your star 'till rainbows unfold.

And we'll walk in the sun as one.

Untill the end of the road."

(Salibury et. al., 1998.)

Die literatuur dui aan dat intuïsie in die verlede in verband gebring is met kreatiwiteit en artistieke aanleg. Maar die vraag of intuïsie 'n spesifieke invloed uitoefen wanneer artistieke beroepe gekies word, veroorsaak steeds baie teenstrydige sienings. Volgens McCrae en Costa (1989: 37) word intuïtiewe tipe persone nie gereeld in beroepstätigtings soos kunstenaars, skrywers en sielkundiges gevind nie. Wanneer die Waarneming-Intuïsie-indeks (WN-indeks) van die Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV) as 'n maatstaf van openheid tot ervaring geïnterpreteer sou word, sou die inligting waardevol wees vir ander werk wat openheid verbind tot beroepsvoordele. McCrae en Costa (1989: 24) het aangedui dat Jung denke beskou as 'n intellektuele aktiwiteit waar oordeel gebaseer word op die rasionele toepassing van beginsels, en gevoel die toevoeging van waarde (aanvaarding of verwering) vir ervaring is. Die invloed van denke of gevoel op intuïsie moet bestudeer word om te bepaal wat die invloed daarvan sou wees op artistieke beroepskeuse en hoe dit tot die kunstenaars se kreatiewe inspirasie sou bydra. Studies vervat in die handleiding van die Myers-Briggs-persoonlikheidstipe-vraelys dui daarop dat kreatiwiteit 'n eienskap is van intuïtiewe tipes. Dit hou verband met resente bewyse dat die meeste persoonlikheidsveranderlikes wat verband hou met kreatiwiteit, aspekte van openheid tot ervaring meet (McCrae & Costa, 1989: 33). Die vroeë wat nou ontstaan is dus hoe intuïsie verband hou met gevoel, denke; wat die verband daarmee met die belangstelling in kreatiewe denke - en artistieke beroepe sou wees; en verder, of intuïsie tot 'n groter belangstelling in die beeldende kunste of in die uitvoerende kunste sou lei.

Bastick (1982: 4) het aangedui dat daar 'n groot behoefte bestaan vir navorsing oor intuïsie, aangesien dit toenemend van belang word in die ontwikkeling van verwante velde van sielkunde. Dit blyk uit resente navorsing dat al hoe meer navorsers die waarde van intuïsie-invloede begin ondersoek. Insig en intuïsie is sentraal tot kreatiwiteit en leer, tog bestaan daar nog geen gesikte model vir die verklaring van sodanige konsepte nie.

Navorsing oor kreatiwiteit onderskei tussen drie terreine: die kreatiewe persoon, die kreatiewe proses en die kreatiewe objek (Rothenberg & Hausman, 1976: 6). Die kreatiewe persoon gebruik nie noodwendig sy vermoëns tydens die kreatiewe proses nie en alle aspekte van 'n kunswerk is nie noodwendig nuut en geskep nie. Baie kuns word gebaseer op nabootsing, eerder as op skepping. Om in 'n artistieke veld te werk

impliseer nie kreatiwiteit nie (Rothenberg & Hausman, 1976: 7). Hartung en Blustein (2002: 84) het aangedui dat die "anders-as-rasionele" loopbaan-besluitnemingsmodelle wel intuïsie, emosie, subjektiwiteit en interafhanklikheid as belangrik beskou. Die keuse om tot 'n kunsloopbaan toe te tree sou dus in terme van hierdie kategorie bestudeer kon word.

Die doelstellings met hierdie navorsing is om te bepaal (1) of intuïsie meer verband hou met gevoel of met denke, as rasionele funksies van oordeel; (2) wat die verband is tussen belangstelling in kreatiewe denke beroepe en intuïsie; (3) wat intuïsie, as irrasionele funksie van persepsie se verband met studente se belangstelling in artistieke beroepe is; en (4) of intuïsie meer verband hou met belangstelling in uitvoerende kunste of met belangstelling in beeldende kunste.

Die hipoteses word gestel dat (1) intuïsie 'n verband met gevoel toon; (2) intuïsie 'n verband toon ten opsigte van belangstelling in kreatiewe denke beroepe; (3) intuïsie 'n verband toon ten opsigte van die artistieke beroepskeuse; en (4) intuïsie meer in verband gebring kan word met belangstelling in beeldende kunste as met dié in uitvoerende kunste.

BESKRYWING

Jung se tipologie van persoonlikheid

Persoonlikheid word volgens Jung (1954: 170-174) gedefinieer as die stadige, ewigdurende ontwikkeling van 'n "innerlike kind", in alle biologiese, sosiale en geestelike aspekte, in sy strewe om 'n volmaakte volwasse individuele mens te wees. Jung veronderstel dat persoonlikheid en gedrag dus deur die verlede, sowel as deur toekomsverwagtings en -doelwitte, bepaal word (Van Staden, 1992: 10). Daar bestaan geen persoonlikheid sonder definitiwiteit, volmaaktheid en ryheid nie. Ontwikkeling van die persoonlikheid vind plaas gedurende die verloop van die mens se lewe weens die blootstelling aan moeilike of onmoontlike onderskeide, en die mens kan slegs deur sy dade aandui wie hy is (Jung, 1954: 172). Die individu kies sy eie weg bewustelik en met morele oorweging en ontwikkel sodoende sy persoonlikheid. Jung (1954: 175) beskou persoonlikheid eintlik as 'n beroep, waar die mens strewe na vryheid van die

bekende groepe en weë. Enige persoon met 'n beroep luister na die stem van die innerlike mens en is dus geroepe. Die individu word dus van ander persone onderskei deur sy beroep (Jung, 1954: 178).

Volgens Jung bestaan die persoonlikheid uit 'n aantal afsonderlike sisteme wat mekaar kan beïnvloed, al funksioneer hulle op drie verskillende bewussynsvlakke. "Die ego funksioneer bewustelik, komplekse funksioneer op die persoonlike onbewuste vlak en argetipes kom normaalweg op die kollektiewe onbewuste vlak voor. Houdings en funksies funksioneer egter in al drie sfere." (Van Staden, 1992: 13.) Jung (Quenk & Quenk, 1985: 159) verdeel persoonlikheid in twee teenoorgestelde pole van energie-houdings, naamlik ekstroversie en introversie, met vier onderskeie funksies, naamlik waarneming en intuïsie (die irrasionele funksies van persepsie), en denke en gevoel (die rasionele funksies van oordeel). Ekstroverte persone is meer ingestel op die eksterne omgewing van mense en dinge, terwyl introverte persone meer ingestel is op die interne wêreld van hul eie denke (Van Staden, 1992: 24). Waarneming en intuïsie funksioneer as ontvangers van inligting, maar dit evaluateer, interpreteer en beoordeel nie daardie inligting nie. Waarde-oordele, wat met die organisering en kategorisering van ervaring gemoeid is, kom voor by denke en gevoel (Van Staden, 1992: 26). McCrae en Costa (1991: 367) onderskei tussen vyf hoof-dimensies in persoonlikheidstrekke, wat lei tot individuele verskille in persoonlikheid. Hulle is Neurotisiteit (N), Ekstroversie (E), Openheid tot ervaring (O), Eensgesindheid (A) en Konsensieusheid (C). Openheid tot ervaring op die NEO Persoonlikheidsvraelys hou verband met Intuïsie (N) op die JPV, terwyl die Eensgesindheidsfaktor (A) van die NEO Persoonlikheidsvraelys weer verband hou met die Gevoelsfaktor (G) op die JPV (McCrae & Costa, 1989: 24-25). Daar sal vir die doel van hierdie ondersoek meer klem gelê word op intuïsie, gevoel en denke.

McCrae en Costa lewer veral kritiek op die insigte wat Jung se teorie lewer op sommige aspekte van individuele verskille, omdat dit noemenswaardige hindernisse skep vir die ontwikkeling van 'n vraelys vir die meting van verskillende tipes persoonlikhede (McCrae en Costa, 1989: 18). Die meeste van Jung se beskrywings omsluit die onbewuste lewe van die individu, wat nie direk toeganklik is vir self-rapportering nie.

en 'n eenheid of karakter te vorm (Birgerstam, 2002: 440). Aangesien intuïsie dus 'n natuurlike integreerder is, kan dit volgens Wanless (2002: 45) komplekse inligtingsladings hanteer. Dit sintetiseer en vereenvoudig alles wat gehoor, gelees, ervaar en onbewustelik geabsorbeer word. Dit sou dus 'n produk wees van lewenslesse, waarvan die meeste in die bewuste ingetrek word (Foltz-Gray, 2003: 167). Du Toit (1995: 2) beskou intuïsie as 'n ervaring wat onmiddellik verkry word, eerder as iets wat teweeggebring word deur denke of gevoel. Hall (2002: 216) meen egter dat dit 'n kognitiewe "short-circuiting" is, waar 'n besluit bereik word al kan die redes vir die besluit nie maklik beskryf word nie. Hierdie onmiddelike ervaring word deur Ruth-Sahd (2003: 130) beskou as kennis aangaande 'n feit, of waarheid as 'n geheel, en die bewustheid van die verlede, hede, of toekomstige gebeure, sonder die bewuste gebruik van prosesse soos liniére redenering, rasionaliteit, of analise. Die individu verkry dus insig in die situasie sonder om al die detail of feite te hê. Intuïsie word volgens Birgerstam (2002: 432) aangewend om onsekerheid en voortdurende veranderende gebeure van ware lewenservarings in die hede te bemeester, en om 'n ervaring te verkry vir die benadering van die toekoms. Gevolgtrekings word gemaak oor verskynsels sonder om 'n verklaring te bied oor hoe of hoekom dit gebeur het (Williams & Irving, 1996: 221) en (Bonabeau, 2003: 117).

Spoto (1995: 45) dui aan dat die intuitiewe persone dinge vinnig inneem. Hulle het 'n aangetrokkenheid tot kompleksiteit en waardeer die vreemde wêreld van simbole en mites. Hulle voel soms meer tuis in dié wêreld as in hulle onmiddelike omgewing. Hulle kan abstrakte, teoretiese en selfs universele verhoudings wat betekenis buite die normale voorstel, onderskei.

Fisiologies beskou, is die sentrum van intuïsie geleë in die regterkant van die brein, aangesien dit hierdie deel van die brein is wat die oorkoepelende patronen in gebeure - of die groter geheelbeeld - kan sien (Thompson & Boss, 2002: 69). Carlson en Kaiser (1999: 52-53) is dit eens dat intuïsie tot die mens "speak" deur simbole in drome, en dat dit in simbiose is met sinkronisasie. Daar bestaan volgens Clarke (2001: 145) gewoonlik baie tekens wanneer jou intuïsie tot jou "speak". Suzee Ebeling (Clarke, 2001: 145) sê tekens van intuïsie is gewoonlik: 'n vreemde gevoel in die liggaam; jy neem vreemde sinkronisasie van omstandighede waar; dinge bly verkeerd gaan, al probeer jy hoe hard om daarteen te stry; daar is herhalende temas in drome; jou aandag

word aanhoudend na 'n spesifieke beeld, woord of frase getrek; en jy toon toenemende ongemak oor iets, sonder 'n verklaring waarom.

Indien dit nie ontwikkel word nie kan intuïsie en verbeelding vervaag teen om en by sewejarige ouerdom (Robinson, 2001: 73). Oefening om toegang te verkry tot insigte sal intuïsie versterk. Sodanige versterking van intuïsie vereis persoonlike betrokkenheid (Birgerstam, 2002: 437), dat aandag geskenk moet word aan wat gereeld in die onbewuste voorkom (Carlson & Kaiser, 1999: 52), en dat uitkenning van integrasie van gebeure moet plaasvind. Verbeterde intuïsie verhoog die bewustheid van die moontlikheid van gereelde gesinkroniseerde gebeure (Carlson & Kaiser, 1999: 53). Volgens Hall (2002: 217) sal intuïtiewe besluitneming meer dikwels voorkom indien die individu onsekerheid ervaar. Deur intuïsie sou die mens meer intelligent en bewus kan word en meer effektiief kan wees in sy funksionering (Wanless, 2002:45). Navorsing het bewyse gevind dat konvensionele opleiding natuurlike intuïtiewe vermoëns egter kan verminder (Carlson & Kaiser, 1999: 51). Spanning beïnvloed blykbaar intuïsie negatief. McMullen (2003: 60) meen dat al beskik 'n persoon oor die potensiaal tot intuïsie, baie spanning die intuïsie-proses sal bemoeilik.

Paracelsus (McMullen, 2003: 62) veronderstel dat “the intuitive mind is a sacred gift and the rational mind is a faithful servant. We have created a society that honours the servant and has forgotten the gift.” Die meeste mense weet dus nie hoe om hulle intuïsie te gebruik nie (Clarke, 2001: 145). Einstein (McMullen, 2003: 62) meen dat alles binne-in die mens is en wag om aangewakker te word deur leer.

Kritici veronderstel dat die definisie van intuïsie te omvattend is, aangesien dit omskryf word as enigets van 'n ingebore instink, tot professionele oordeel, of sommer net algemene kennis (Bonabeau, 2003: 117). Williams en Irving (1996: 221) meen dat intuïsie, fenomenologies beskou, nie verskil van dit waaruit ons sin maak van die wêreld nie. Dit sou dus beteken dat intuïsie toeganklik moet wees vir bewuste begrip. Hulle veronderstel verder dat indien intuïsie regtig onbekend is, reflektiewe praktyk nie moontlik sou wees nie. Volgens Bonabeau (2003: 116) speel intuïsie 'n belangrike rol in besluitneming, maar hy verskil van Spoto (1995: 45) en Wanless (2002: 45) in sy siening dat dit onbetroubaar kan wees in gekompliseerde situasies. Intuïsie sou dus nie 'n middel wees om kompleksiteit te beoordeel nie, aangesien intuïsie eerder

kompleksiteit ignoreer (Bonabeau, 2003: 118). Hoe meer kompleks die situasie word, hoe meer misleidend sou intuïsie word. Bonabeau (2003: 118) is oortuig dat indien intuïtiewe besluitneming tot sukses in 'n situasie lei, dit slegs is omdat jy geluk aan jou kant het - nie omdat jy 'n gawe sou hê nie. Hierdie siening is teenstrydig met Paracelsus (McMullen, 2003: 62) s'n dat intuïsie wel 'n gawe is, maar dat die mens vergeet het hoe om die gawe te gebruik. 'n Verdere probleem met intuïsie is dat dit die ware unieke self verskans, aangesien die mens sy ervarings en insigte en dus ook sy intuïsie met ander persone deel, al sou hy graag wil glo dat sy intuïsie uniek sy eie is (Bonabeau, 2003: 118).

Daar is in die voorafgaande bespreking gesien dat daar redelik uiteenlopende sienings bestaan oor die definiëring van intuïsie. Die meeste van die literatuur het intuïsie gedefineer as 'n gawe wat bestaan uit onbewuste, komplekse prosesse, wat onmiddellik sou voorkom en ten doel sou hê om die gebeure, ervarings en kennis te integreer of saam te bind vir 'n verwysingsraamwerk vir die verlede, die hede en die toekoms. Intuïtiewe persone kan dinge vinnig inneem; sal aangetrokke wees tot kompleksiteit; en sal die vreemde, abstrakte wêreld van simbole en mites kan onderskei en verkies. Dit het geblyk dat intuïsie in die regterkant van die brein gevorm word en dat dit waargeneem kan word as simbole in drome, vreemde gevoelens of ongemak wat ervaar word, en sinkronisasie van gebeure. Intuïsie sou klaarblyklik vervaag teen sewearige ouderdom, indien dit nie versterk word deur oefening, deur persoonlike betrokkenheid en aandaggewing aan die inhoud en ervarings van die onbewuste, asook die uitkynning van integrasie van gebeure nie. Uit die literatuur wil dit voorkom dat intuïsie in onsekere toestande sal sterker word en tot verhoogde intelligensie en hoë funksionaliteit van die mens sal bydra. Intuïsie word egter deur oormatige spanning, konvensionele opleiding en onkunde verminder. Die literatuur dui aan dat die definisie van intuïsie te omvattend is; dat refleksie nie moontlik sou wees indien dit werkelik 'n onbewuste proses is nie; dit onbetroubaar en misleidend is in onsekere toestande; en dit die ware self verskans. Dit sou egter te idealisties wees om rasionele kritiek te probeer lewer oor 'n irrasionele, onbewuste funksie van die persoonlikheid. Dit is die navorser se mening dat daar eerder gefokus moet word op die waarde wat intuïsie aan besluitneming en die persoonlikheid toevoeg.

Intuïsie en gevoel

Gevoelens is volgens Jung (1950: 10) instinktiewe, onwillekeurige reaksies wat weens hulle elementêre uitbarstings die rasionele orde van bewustheid omverwerp. “Gevoel is ‘n evaluatiewe funksie. Dit aanvaar of verwerp ‘n idee op grond daarvan dat die idee ‘n aangename of ‘n onaangename gevoel wek.” (Du Toit, 1995: 2.) Gevoel stel ’n aksie vry deur ’n idee na vore te bring, wat daardeur weer motief aan ’n aksie verskaf (Root-Bernstein, 2002: 62).

Bastick (1982: 58) meen dat intuïsie afhanglik is van gevoelens. Emosionele betrokkenheid is sentraal tot alle aspekte van intuïsie en ook betrokke by denke (Bastick, 1982: 84). “All good things come from living intuitively. To follow that feeling inside of us we call our intuition is really the only way to fulfill our highest aspirations and deepest needs.” (Wanless, 2002: 44.) Wanless ondersteun dus Bastick se veronderstelling dat intuïsie eintlik ’n gevoel is, wat motiverend kan inwerk op die mens. Intuïsie is self die lewenskrag wat aan ons bekend gemaak word deur ’n gevoel wat van binne opkom. Dit is die menslike weergawe van dierlike instink. Deur intuïsie het ons toegang tot die bron van die lewe (Wanless, 2002: 44).

Wanless (2002: 45) veronderstel dat intuïsie as ’n soort onbewuste gevoel ontstaan, wat sy oorsprong het in die emosionele gedeelte van die prefontale lob van die voorbrein. Die verbindings tussen ons emosies, wat primêr is, en ons denke, wat sekondêr is, is aangebore (Pitcher, 1999: 33). Die produkte wat volgens Bastick (1982: 126) deur die gebruik van emosies in die intuïtiewe proses geskep word is: intuïtiewe herkenning, intuïtiewe aanvaarding, intuïtiewe oordeel, intuïtiewe gedagtes, intuïtiewe assosiasies, intuïtiewe analogieë, intuïtiewe “recentering”, en intuïtiewe leer. Carlson en Kaiser (1999: 53) meen dat intuïsie nooit verkeerd is nie, maar dat dit deur emosies oorheers kan word. Hulle veronderstel dan ook dat dit noodsaaklik is om te leer om te differensieer tussen intuïsie en reaksionêre emosies wanneer hierdie “sesde sintuig” as ’n betroubare bron van besluitneming gebruik wil word.

Intellektuele begrip ontstaan gewoonlik met emosionele en sensuele ervarings (Root-Bernstein, 2002: 61). Gevoel moet ’n vorm van denke wees en denke kan nie van emosies geskei word nie (Root-Bernstein, 2002: 75). Damasio (Pitcher, 1999: 30) het

aangedui dat emosie nie op 'n manier beter is as denke nie, maar dat denke gebaseer is op emosie. Indien intuïsie slegs 'n produk van gevoels-gebaseerde ontleding is en daar nie 'n rationaal vir die toekenning van 'n verbale uitdrukking sou wees nie, sou intuïtiewe reaksie 'n groot risiko inhoud (Williams & Irving, 1996: 222). Gevoelens sou geen betekenis hê nie indien dit regtig onbewustelik sou wees (Williams & Irving, 1996: 223). Dit is slegs indien hulle teenwoordig is in die bewuste dat hulle betekenis verkry. Wanneer toegang tot hierdie betekenis verkry wil word, sou dit nodig wees om kognitief daarop te reflekteer.

Die literatuur het aangedui dat gevoel gedefinieer kan word as instinktiewe, onwillekeurige reaksies, wat die rasionele orde van bewustheid omverwerp en ook 'n evaluatiewe funksie vervul. Gevoel stel blykbaar 'n aksie vry wat 'n idee na vore bring en daardeur weer motief aan die aksie sou verskaf. Intuïsie en denke is afhanklik van gevoel en dus sou gevoel sentraal wees in intuïsie en die basis verskaf vir denke. Intuïsie, as onbewuste gevoel, sou ontstaan in die prefontale lob van die voorbrein. Intuïtiewe herkenning, intuïtiewe aanvaarding, intuïtiewe oordeel, intuïtiewe gedagtes, intuïtiewe assosiasies, intuïtiewe analogieë, intuïtiewe "recentering", en intuïtiewe leer sou geskep word deur gevoel in die intuïtiewe proses. Emosies kan intuïsie soms oorheers en dus sou dit nodig wees dat daar onderskei moet word tussen intuïsie en reaksionêre emosies. Kritiek teen die waarde van gevoel in intuïsie het daarop gedui dat intuïsie, wat slegs 'n produk van gevoel is, 'n groot risiko sou inhoud. Gevoel sou blykbaar ook geen betekenis hê indien dit onbewustelik is nie. Die navorsers ondersteun Damasio (Pitcher, 1999), Pitcher (1999) en Root-Bernstein (2002) se siening dat gevoel die basis sou wees van intuïsie en denke. Intuïsie sou dus as 'n proses beskou word waarvolgens 'n onbewuste gevoel ervaar word, wat sou aanleiding gee tot 'n idee, wat weer deur gevoel geëvalueer word en dan aanvaar of verworp word. Indien dit aanvaar word, sou dit deur bepaalde denke tot uiting gebring word.

Intuïsie en denke

Volgens Jung (Spoto, 1995: 45) volg denke hulle eie wette en bring hulle eie ideeinhoud in konsepsuele verbinding met mekaar. Dit beklemtoon logika en objektiwiteit in redenering om korrekte en ware gevolgtrekkings te maak. "Denke bestaan daaruit dat

idees met mekaar in verband gebring word ten einde ‘n algemene konsep of oplossing van ‘n probleem te bereik.” (Du Toit, 1995: 2.)

Intuïsie is die basis van die intellek (Bahm, 1960: 1), die belangrikste kognitiewe proses van die mens (Lorenz soos aangehaal in Bastick, 1982: 2) en word omskryf as “a mind-body process in that cognitive processes are modified by emotional states” (Bastick, 1982: 84). Larsson (Ruth-Sahd, 2003: 130) het intuïsie beskryf as ‘n hoër vorm van intelligensie, wat in konflik is met logika en rasionaliteit.

Neisser (Bastick, 1982: 3) sê intuïsie, as breinfunksie, kom meer algemeen voor wanneer die situasie te kompleks is vir logiese ontledings. Konsepsuele denke is volgens Jean-Francois Lyotard (Linsey, 2001: 47) ‘n tipe intuïsie waar die intuïtiewe objek die idee is. Intuïsie *spreek* tussen denke en dit floreer in individue wat die onderskeid tussen denke en begrip kan maak (Carlson & Kaiser, 1999: 52). Birgerstam (2002: 432) voel dat rasionele denke nie intuïsie kan beheer of verklaar nie. Hy meen dat dit juis die tussenspel tussen intuïsie en die rasionele inwin van kennis is wat toegevoegde waarde verskaf. Verkryging van kennis behels ‘n intuïtiewe strategie, waar daar gestreef word na ‘n doel wat oorspronklik vaag en ontwykend was (Birgerstam, 2002: 441). Ruth-Sahd (2003: 134) meen dat ons intuïsie moet erken as ‘n waardevolle begripswyse oor kulture heen en dat opleiding moet geskied vanuit ‘n ware multi-kulturele perspektief wat kulturele diversiteit en diverse begripsvorme inkorporeer.

Denke word onderwerp aan alle soorte vooroordele en foute, waarvan die meeste ontstaan op die onbewuste vlak van intuïsie (Bonabeau, 2003: 117). Volgens Bonabeau (2003: 117) lê die grootste gevare vir intuïsie in ons diever en starre behoefté om patronen te sien. Opvoeders se oortuigings en die gemeenskap se behoefté aan wetenskaplike, liniére, en rasionale besluitneming kan as hindernisse beskou word vir die aanvaarding van intuïsie as ‘n erkende begripswyse (Ruth-Sahd, 2003: 131). Dit is verder ook ‘n problematiese vorm van kennis, grotendeels omdat die bron van die kennis nie geartikuleer kan word nie (Ruth-Sahd, 2003: 131). Volgens Bayne et. al. (1994: 85) veronderstel party navorsers dat intuïsie ‘n verskynsel is wat verskil van denke, min te doen het met die aksies van die konteks, en ook moontlik beskadig kan word deur denke en logika.

Die literatuur het aangetoon dat denke hul eie wette volg en eie idee-inhoud in konsepsuele verbinding met mekaar bring. Denke bind logika en objektiwiteit saam tot redenering en die vorming van korrekte gevolgtrekkings. Intuïsie se verband met denke het teenstrydige sienings tot gevolg gehad. Bahm (1960), Lorenz (Bastick, 1982) en Larsson (Ruth-Sahd, 2003) het intuïsie as die basis van denke beskou, maar Bayne et. al. (1994) het aangedui dat intuïsie min te doen het met denke. Lyotard (Linzey, 2001) het dan ook konsepsuele denke as 'n tipe intuïsie verklaar. Carlson, Kaiser (1999) en Birgerstam (2002) het die siening gehuldig dat intuïsie eerder tussen denke sou voorkom en dus nie deur rasionele denke beheer of verklaar kan word nie. Dit is die navorser se siening dat intuïsie, as basis van denke, eintlik betekenis aan denke gee deur begripsvorming en die verkryging van kennis. Kritiek teen die invloed van intuïsie op denke het aangedui dat intuïsie lei tot vooroordele en foute, soos die geneigdheid om patronen in idees te vorm. Verder is daar aangedui dat opvoeders se oortuigings en die gemeenskap se behoefté aan wetenskaplike, liniére, rasionele besluitneming, hindernisse vir intuïsie sou wees. Dit wil voorkom asof intuïsie wel 'n basis van denke is, maar dat dit ook deur denke verworp kan word op grond van irrasionaliteit.

Intuïsie en kreatiwiteit

Kreatiwiteit bestaan volgens Rothenberg en Hausman (1976: 6) uit die vermoë tot, of 'n stadium van, die skepping van iets nuuts en is, volgens Bastick (1982: xxiii), afhanglik van 'n opflikkering van inspirasie en intuitiewe begrip. Dit is fundamenteel vir die volbring van die individu en die vooruitgang van die mensdom. Verskillende vorme van kreatiwiteit ontstaan almal uit intuïsie, wat aanleiding gee tot nuwe modegiere (Bastick, 1982: 3). Rothenberg (Rothenberg & Hausman, 1976: 11) definieer 'n spesifieke denkproses wat skeppend funksioneer as "the capacity to conceive and utilize two or more opposite or contradictory ideas, concepts, or images simultaneously."

Volgens Bastick (1982: 309) is intuïsie die eerste en noodsaaklike stadium van kreatiwiteit. Jung het weer intuïsie en kreatiwiteit gelykgestel (Guiora et. al., 1965: 113). Patrick (1976: 75) het verwys na Wallas en Poincaré se bevindings dat kreatiewe denke by kunstenaars deur vier fases gekenmerk kan word, naamlik voorbereiding, inkubasie, illuminering en verifikasie. Tydens die voorbereidingsfase ontvang die

persoon verskeie idees of rou materiaal. Kunstenaars inkubeer in die algemeen 'n idee, wat met 'n gevoel vergesel word (Patrick, 1976: 77). Inkubasie vind plaas indien 'n idee onwillekeurig herhaal word met 'n mate van verandering gedurende 'n tydperk waartydens die persoon ook oor ander onderwerpe dink. Die illumineringsfase sal gekenmerk word deur die skielike verkryging van insig deur intuïsie (Adair, 1990: 72) en die neerlegging van idees op papier die vorm van 'n skets (Patrick, 1976: 78). Die verifikasie-fase behels die proses van wysiging van die struktuur van die oorspronklike skets wat uit die vorige fase dateer (Patrick, 1976: 78). Beardsley (1976: 308 – 309) noem dat daar nie universele vlakke van 'n kreatiewe proses bestaan nie, maar dat daar wel onderskeid getref kan word tussen twee duidelik kenmerkende fases wat mekaar deurlopend afwissel. Daar is die ontdekkingsfase, tradisioneel bekend as inspirasie, waar nuwe idees gevorm word in die voorbewuste en tot stand kom in die bewuste. Dan is daar ook die seleksie-fase - wat niks meer as kritiek is nie - waar die bewuste nuwe idees aanvaar of verworp nadat dit vergelyk is met dit wat alreeds tentatief aanvaar is.

In 'n literêr-fisiologiese sin omvat intuïsie maniere van denke, wat op hul beurt weer metalogika bevat, wat daarop duï dat die estetiese dus 'n vorm van kognisie is (Root-Bernstein, 2002: 61). Hierdie estetiese kognisie kombineer volgens Root-Bernstein (2002: 62) kennis en gevoel in "synosic"-intuïsie ("synosia" is 'n term wat Root-Bernstein gebruik om die gevoel dat jy iets weet, met 'n gevoel van wat jy weet te integreer, te verklaar). Innovasie en die vorming van nuwe idees kom natuurlik voor deur nie-liniére persepsie, waarvan intuïsie 'n deel vorm (Carlson & Kaiser, 1999: 53). Dit verleen noodsaaklike ondersteuning aan verrekende kreatiwiteit en vorm 'n stukrag vir die skepping van nuwe produkte en dienste.

Die kommunikasie van intuïsie deur middel van 'n kunsform mag die artistieke kreatiewe aksie heeltemal in gedrang bring (Bastick, 1982: 309).

Kreatiwiteit is in die literatuur beskryf as 'n skeppingskapasiteit of -stadium, wat afhanklik is van 'n opflikkering van inspirasie of intuïtiewe begrip. Navorsers soos Guiora et. al. (1965) en Bastick (1982) het intuïsie as die eerste en noodsaaklike stadium van kreatiwiteit beskou, dus is dit die mening van die navorser dat sodanige verband ondersoek moes word, aangesien dit 'n moontlike faktor in die besluitneming

ten opsigte van artistieke beroepe sou hê. Patrick (1976) verwys na Wallas en Poincaré se siening dat vier fases by kreatiewe denke by kunstenaars onderskei kan word, naamlik voorbereiding, inkubasie, illuminering en verifikasie. Volgens die literatuur is gevoel betrokke by die inkubasie-fase, terwyl intuïsie weer oorheersend blyk te wees tydens illuminering. Inspirasie by kunstenaars sou klaarblyklik tydens die ontdekkingsfase voorkom, wanneer nuwe idees vanuit die voorbewuste na die bewuste gebring word. Die nuwe idees sal aanvaar of verwerp word in 'n seleksie-fase. Intuïsie, so blyk dit, bevat denkwyses wat metalogika bevat en estetiese kognisie vorm. Die estetiese kognisie verbind kennis en gevoel binne "synosic"-intuïsie. Bastick (1982) het veronderstel dat kommunikasie van intuïsie deur 'n kunsform, die artistieke kreatiewe aksie, in gedrang bring word. Die navorsing ondersteun egter eerder Carlson en Kaiser se mening dat dit ondersteuning verleen aan skepping en innovasie.

Kuns: 'n omskrywing

Die estetiese word gewoonlik gedefinieer as gevoeligheid vir dit wat mooi is en waarvan die prag bekend word deur die sensoriese en emosionele effekte wat dit op die brein het. (Root-Bernstein, 2002: 61). Plato se teorie van kuns (Linzey, 2001: 44) het veronderstel dat alle kunswerke "a copy of a copy" van die ware skepping is. Dié teorie was egter volgens Linzey (2001: 44) metafisies en diadies, aangesien dit fundamenteel dualisties was. Jung se kollektiewe onbewuste het 'n bepalende effek op die bewustheid in skepping. Die kunstenaar ervaar hoofsaaklik twee soorte spanning, naamlik lyding as gevolg van die verlies van die liefde van die moederlike verteenwoordiger in die gewete, en die onbewuste vrees dat sy generatiewe funksie beskadig is (Lee, 1976: 127). Estetiese vorms van denke (Root-Bernstein, 2002: 61) het hul eie logika, ook genoem "synosia". "Synosia" behels die begrip dat die gevoel dat jy iets weet, integreer met die gevoel van wat jy weet.

'n Volkome estetiese ervaring moet waarneming, vaardigheid en begrip combineer (Root-Bernstein, 2002: 65). Verbeelding is intuïsie met die voorneme van 'n beeld (Linzey, 2001: 47). Die artistieke karakter dui volgens Pitcher (1999: 33) op die integrasie van kwalitatiewe verbeelding met emosie en die onvoorspelbare. Einstein (Root-Bernstein, 2002: 64) het gesê: "only intuition, resting on sympathetic understanding can lead to insight; ... the daily effort comes from no deliberate intention

or program, but straight from the heart.” Emosies, intuisie en gevoelens is dus in die hart van die kunste gesetel (Root-Bernstein, 2002: 64) en vervul ’n funksie in ontdekking en kreatiewe kunswerke, aldus Arber (Root-Bernstein, 2002: 62). Kuns kom binne-in die subjektiewe domein voor (Williams & Irving, 1996: 224).

Die estetiese is in die literatuur gedefinieer as ’n gevoeligheid vir skoonheid en die sensoriese en emosionele uitwerking wat dit op die mens het. Jung (1954) het geglo dat die skepping van kuns vanuit die kollektiewe onbewuste ontstaan, maar Lee (1976) het dit eerder gekoppel aan spanning deur lyding, as gevolg van verlies van die moederlike ego of onbewuste vrees vir beskadiging van die generatiewe funksie. Estetiese denke ontstaan klaarblyklik uit integrasie van gevoel met kennis. Pitcher (1999) het ’n artistieke karakter omskryf as ’n integrasie van kwalitatiewe verbeelding met emosie en die onvoorspelbare. Kuns moet dus binne-in die subjektiewe terrein bestudeer word, aangesien dit volgens MacKinnon (Linzey, 2001), Einstein en Arber (Root-Bernstein, 2002) en Pitcher (2003) emosies, intuisie en gevoelens as basis het.

Artistieke inspirasie en belangstelling

Volgens Parsons berus ’n wyse beroepskeuse op drie breë faktore: (1) ’n duidelike begrip van jouself, jou aanleg, vermoëns, belangstellings, ambisies, hulpbronne, beperkings, en hul oorsake; (2) ’n kennis van die vereistes en voorwaardes van sukses, voordele en nadele, vergoeding, geleenthede, en die vooruitsigte in verskillende terreine van werk; (3) ware redenering oor die verhouding van hierdie twee groepe feite (Hartung & Blustein, 2002: 42). Holland meen dat alle mense volgens beroepsbelangstelling in ses breë kategorieë of persoonlikheidstipes ingedeel kan word, naamlik Realisties, Ondersoekend, Artisties, Sosiaal, Ondernemend en Konvensioneel (Du Toit et. al., 1993: 3). “No one ever studies anything unless, in some way or other, they are deeply emotionally involved with it.” (Morris soos aangehaal in Root-Bernstein, 2002: 61.)

Die laaste 90 jaar het Parsons se idee aangaande die rasionele beroepskeuse-proses effektief uitgebrei om intuïtiewe en nie-rasionele benaderings tot beroepsbesluitneming in te sluit (Hartung & Blustein, 2002: 46). Insig of intuisie is relevant tot alle studierigtings en lewensomstandighede (Bastick, 1982: 1). Hartung en Blustein (2002:

45) is dit eens dat die “anders-as-rasionele” modelle van beroepskeuse ook intuïsie, emosie, subjektiwiteit en interafhanklikheid van waarde ag. Sodanige modelle dui aan dat besluitneming ’n proses is wat deur vooroordeel en onsekerheid gekenmerk word, iets wat gereeld voorkom.

Volgens Jung (1949: 417) is die primêre reaksie op objektiewe gebeure uit die onmiddellike omgewing een van belangstelling en aandag. “Your depth or unconscious mind may be a meeting place between human thought and divine inspiration, issuing in genuinely creative ideas and new creations.” (Adair, 1990: 65.) Inspirasie sou behels dat ‘n innerlike sensitiwiteit of bewustheid ontwikkel word sodat jou geestelike oë en ore oopgaan vir die geringste beweging of voorstel van buiten of binne, bo of onder, wat ‘n pad vorentoe veronderstel (Adair, 1990: 70). Inspirasie is ‘n onbewuste geheueproses, wat die dinamiese behoefte-noodtoestand beskryf met die doel om dit te verlig (Lee, 1976: 131). Die ontwykingsmomente van kreatiewe insig het daar toe bygedra dat dit aanvaar word as intuïsie of inspirasie (Lavoisier & Krebs, 1989: 47).

Jung (1976: 121) het die mening gehuldig dat “personal causality has as much and as little to do with the work of art, as has the soil from the plant that springs from it.” Die kreatiewe proses in kuns, so ver as wat ons dit kan volg, bestaan uit die onbewustelike animasie van die argetipe en in die ontwikkeling en vorming van die beeld totdat die werk voltooï is (Jung, 1976: 125). Dit word algemeen aanvaar dat talentvolle kunstenaars oor diep intuïtiewe kennis beskik (Wilson, 1998: 35). Die belangstelling in kunsberoep sou dus waarskynlik met dié beskouing in verband gebring moet word.

Carlson en Kaiser (1999: 50) dui aan dat uitvinders, kunstenaars en wetenskaplikes gereeld gebruik maak van die hulpbronne van hulle regterbrein, die area wat verantwoordelik is vir nie-liniêre intelligensie, in hul werk. ‘n Groot persentasie innovasies, ontdekings en groot kunswerke het ontstaan as gevolg van drome, sinkronisiteit en flitse van insig (Carlson & Kaiser, 1999: 51). Aristoteles (Rothenberg & Hausman, 1976: 34) is dit eens dat “from art proceed the things of which the form is in the soul of the artist.”

Die literatuur het aangetoon dat Parsons (Hartung & Blustein, 2002) goeie beroepskeuse gegrond het op 'n duidelike begrip van jou eie sterktes en tekortkominge; kennis van die vereistes en voorwaardes vir sukses; en die redenering oor die verhouding tussen hierdie twee groepe feite. Holland (Du Toit et. al., 1993) het beroepsbelangstelling in ses breë persoonlikheidstipes verdeel, naamlik realisties, ondersoekend, artisties, sosiaal, ondernemend en konvensioneel. Daar is gesien dat navorsers soos Bastick (1982), Hartung en Blustein (2002) die eienskappe van insig, intuïsie, subjektiwiteit, interafhanklikheid belangrik ag, terwyl Morris (Root-Bernstein, 2002) emosionele betrokkenheid hoog aanslaan wanneer 'n beroepskeuse uitgeoefen word. Inspirasie behels klaarblyklik weer 'n innerlike sensitiwiteit en onbewuste geheueproses, wat 'n spanningstoestand verlig en 'n weg sal oopmaak vir ontwikkeling of skepping. Lavoisier en Krebs (1989) bring dit in verband met intuïsie. Jung (1976) het die kreatiewe kunsproses verklaar aan die hand van 'n onbewuste animasie van die argetipe en ontwikkeling van 'n beeld totdat die kunswerk voltooi is. Die literatuur het veral aangedui dat kunstenaars en uitvinders oor intuïtiewe kennis beskik en van nie-liniêre intelligensie gebruik maak tydens inspirasie wat gebring word deur drome, sinkronisiteit en flitse van insig. Artistieke beroepskeuse sou dus klaarblyklik in verband gebring kan word met intuïsie, gevoel, denke, kreatiewe insig en inspirasie.

Intuïsie en belangstelling in uitvoerende kunste of beeldende kunste

Intuïtiewe besluitneming behels vertroue in jouself, ten spyte van onsekerheid (Wanless, 2002: 46). Intuïsie verander voortdurend om aan te pas by die veranderinge wat rondom 'n persoon plaasvind. Hoe meer ervaring 'n persoon het, hoe meer korrek sal sy intuïsie wees (Wanless, 2002: 46). Thompson en Boss (2002: 69) definieer intuïsie as om iets te weet sonder die hulp van rasionele denke. Dit is 'n vaardigheid waaroor almal tot 'n sekere mate beskik, alhoewel vroue en kreatiewe persone dit makliker vind om hulle intuïsie te gebruik en dit te vertrou (Thompson & Boss, 2002: 69).

Kathy Dalton het deur die gebruik van die Ganzfeld-tegniek gevind dat musikante, visuele kunstenaars, fiksieskrywers en akteurs klaarblyklik sterker intuïtiewe vermoëns as ander kunstenaars getoon het (Koontz, 2001: 100).

Bateson (Williams & Irving, 1996: 226) het na navorsing oor die neuropsigologie van beelde tot die gevolg trekking gekom dat “the processes of image formation are unconscious.” Moss (1999: 50) beskryf die skildernares Theresa Pergal se siening van kuns as: “Painting is not a one-two-three recipe, it’s intuitive.” Dit blyk egter dat sy nie so maklik daartoe toegang verkry en die tipe emosionele inhoud so geredelik kan uitdruk nie (Moss, 1999: 50). Pergal sal haar intuisie volg om te verseker dat die kleure subtel en in verskeidenheid aangewend is, sodat die regte eenheid, atmosfeer en beweging geskep kan word (Moss, 1999: 51). Die sketse wat ’n argitek maak in die proses van ontwerp, is primêr instrumente van “secondness” of intuisie (Linzey, 2001: 47). Du Toit (1995: 54) beskryf binneshuisversierders, fotograwe, grafiese ontwerpers en mode-ontwerpers as ekstroverte wat ingestel is op gevoel en intuisie. Beeldhouers kan egter introverte of ekstroverte wees en steeds ingestel wees op gevoel en intuisie (Du Toit, 1995: 54 & 63). MacKinnon (Linzey, 2001: 46) het bevind dat negentig persent van argitekte intuïtief getoets het en honderd persent van die mees kreatiewes intuïtief was.

Die persepsie van musiek behels volgens DeBellis (1999: 473) ’n onbewuste konstruksie van abstrakte musikale strukture, waarvan die gebeure op die musikale vlak (die volgorde van note en akkoorde) die enigste hoorbare deel is. DeBellis (1999: 474) dui aan dat die onbewustelike begrip van musiek ons help om die hierargiese segmentering intuïtief te kies en dat daar dus ’n middel moet bestaan vir die verstandelike voorstelling daarvan. Intuisie gee dus waarskynlik betekenis aan die korrekte opeenvolging van klante, om so musiek te vorm. Musikale intuisie is bewustelik, aangesien dit beskikbaar is vir die produksie of herkenning van korrekte verbale rapport (DeBellis, 1999: 476). Du Toit (1995: 50) het getoon dat ’n operasanger ’n ekstrovert is wat ingestel is op denke en waarneming. Musikante, akteurs en dramaturge sou weer ekstroverte wees wat ingestel is op gevoel en intuisie (Du Toit, 1995: 54).

Die literatuur het aangedui dat intuïtiewe besluitneming ’n vertroue in jouself en voortdurende aanpassing ten opsigte van ’n veranderende omgewing behels. Daar is wel aangedui dat veral vroue en kreatiewe persone ’n groter geneigdheid mag openbaar om intuïtiewe besluitneming te gebruik. Verder het Koontz (2001) aangetoon dat navorsing bewys het dat musikante, visuele kunstenaars, fiksieskrywers en akteurs

sterker intuïtiewe magte getoon het as ander kunstenaars. Intuïsie en gevoel sou in beide die beeldende en uitvoerende kunste 'n sterk rol speel. Operasangers is egter 'n uitsondering en is beskryf as ekstroverte wat ingestel is op denke en waarneming. Die navorser voel egter dat daar 'n leemte in navorsing was ten opsigte van watter een van die twee onderskeie artistieke rigtings 'n groter korrelasie met intuïsie en gevoel sou toon.

KWANTITATIEWE ONDERSOEK

Ontwerp

Die navorsing is ontwerp en uitgevoer in die vorm van 'n eenmalige dwarsdeursnit-opname. Die onafhanklike veranderlike in die ondersoek is intuïsie, terwyl die afhanklike veranderlikes bestaan uit denke, gevoel, belangstelling in kreatiewe denke en belangstelling in die uitvoerende en beeldende kunste.

Deelnemers

Die deelnemers was 816 studente van die Universiteit van Pretoria wat gedurende die periode 2000 – 2002 by Studente-Ondersteuningsdienste aangemeld het vir psigometriese evaluering met die doel om beroepsvoorligting te ontvang. Die uiteensetting van dié eksperimenteel-toeganklike populasie is soos volg:

Tabel 1 – kom hier

Grafiek 1 – kom hier

Meetinstrumente

Die Jung-persoonlikheidsvraelys of JPV (Du Toit, 1995), die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys of SABBV (Du Toit et al., 1993), asook die 19-Veld Belangstellingsvraelys of 19-VBV (Fouché & Alberts, 1970) is gedurende die periode 2000 – 2002 deur Intern-sielkundiges van die Studente-Ondersteuningsdienste aan die Universiteit van Pretoria aan die deelnemers voorgelê vir voltooiing.

Jung-persoonlikheidsvraelys: JPV

“Die JPV is saamgestel om ’n oorsigtelike beeld van ’n individu se persoonlikheidsamestelling in terme van Jung se persoonlikheidsteorie te gee.” (Du Toit, 1995: 5.) Die vraelys bevat vier verskillende skale, naamlik:

- i. Ekstroversie – Introversie (EI)
- ii. Denke – Gevoel (DG)
- iii. Waarneming – Intuisie (WN)
- iv. Beoordeling – Persepsie (BP)

Vir die doel van hierdie ondersoek is slegs die Denke – Gevoel-skaal (DG) en die Waarneming – Intuisie-skaal (WN) gebruik. Die DG-skaal meet, volgens Du Toit (1995: 4), die relatiewe vermoë van die individu se sterker rasionele funksies, terwyl die WN-skaal ’n telling vir die irrasionele funksies verskaf.

Alle roupunte is vir die doel van die navorsing herlei tot elfpunt finale tellingskale, wat wissel van 0 tot 10. Du Toit (1995: 10) bereken die herleide punte op die DG-skaal en op die WN-skaal deur die roupunte onderskeidelik deur 4 te deel. “’n Telling van $4 \frac{1}{2}$ tot $5 \frac{1}{2}$ op die skale kan, volgens, as gemiddeld beskou word en in so ’n geval blyk die twee teenstellende eienskappe van die besondere veranderlike min of meer ewe sterk ontwikkeld te wees in die persoon se bewuste” (Du Toit, 1995: 11).

Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys: SABBV

“Die SABBV is ontwerp om belangstelling, en meer spesifiek beroepsbelangstelling, te meet en dit kan dus in die wyer raamwerk van loopbaanbeplanning aangewend word” (Du Toit et. al., 1993: 3). Dit is gelyktydig ontwikkel en gestandaardiseer vir alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe en is op J.L. Holland se teorie van beroepskeuse gebaseer, waarvolgens ’n persoon se belangstellingsvelde regstreeks met die beroepswêreld gekoppel word. Holland meen dat alle mense volgens beroepsbelangstelling in ses breë kategorieë of persoonlikheidstipes ingedeel kan word, naamlik Realisties, Ondersoekend, Artisties, Sosiaal, Ondernehmend en Konvensioneel (Du Toit et. al., 1993: 3). Die SABBV bevat 126 items oor werksverwante aktiwiteite waaraan

voordeur verleen kan word. Dié items word in ses velde ingedeel, en elke veld word weer onderskeidelik in drie subvelde verdeel met sewe vrae elk (Du Toit et. al., 1993: 4).

Daar is vir die doel van hierdie navorsing slegs op twee subvelde van die artistieke veld gekonsentreer, naamlik Ontwerp (skeppend): A 2 en Vermaak: A 3.

19-Veld-belangstellingsvraelys: 19-VBV

“Die 19-Veld-belangstellingsvraelys is opgestel vir die meting van beroepsbelangstelling van hoërskoolleerlinge in standerd 8 tot 10, studente en volwassenes in 19 breë belangstellingsvelde” (Fouché & Alberts, 1970: 4). Die vrae in die vraelys hou verband met die beoefening van aktiwiteite wat onderliggend is aan ’n aantal van die belangrikste breë beroepsrigtings.

Daar is vir die doel van dié navorsing slegs gekonsentreer op die velde vir Beeldende Kunste-, Uitvoerende Kunste- en Kreatiewe Denke. Die veld vir Beeldende Kunste omsluit volgens Fouché en Alberts (1970: 4) belangstelling in aktiwiteite wat op skilder-, beeldhou- en sketswerk en ook op die ontwerp van advertensies en handelkuns gebaseer is. Uitvoerende kunste het betrekking op belangstelling in musiek, sang, ballet, opera en operette (Fouché & Alberts, 1970: 4). Fouché en Alberts (1970: 6) omskryf die kreatiewe denke-veld as ’n aanduiding van ’n persoon se belangstelling in die gebruik van logiese denke vir die oplossing van vraagstukke en in die uitvoering van skeppende werk.

Prosedure van die ondersoek

Die kwantitatiewe ontleeding is gedoen deur die toetsresultate van die deelnemers te ontleed. Daar is gebruik gemaak van die resultate wat verkry is uit die evaluering van die konstante eksperimenteel-toeganklike populasie ten opsigte van die kwantitatiewe bepaling van die verband tussen intuïsie, belangstelling in artistieke beroepe en belangstelling in kreatiewe denke.

Statistiese verwerking van data

Die data is op 'n EXCEL databasis ingevoer en is deur die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria verwerk op die SAS-program vir statistiese ontleding.

Daar is van tweerigting-frekwensieverdeling gebruik gemaak om die verband tussen die resultate op die intuïsie-faktor en die gevoel- en denke-faktore van die Jung-Persoonlikheidsvraelys te bepaal. Spearman se rangkorrelasiekoeffisiënt is gebruik as maatstaf van die sterkte van die algemene verwantskap tussen die resultate op die intuïsie-faktor van die JPV, die resultate op die Beeldende Kunste, Uitvoerende Kunste en Kreatiewe Denke van die 19-VBV, en die A 2 en A 3 van die SABBV. Variansieontleding is gebruik om die invloed van intuïsie op die belangstelling in Beeldende Kunste en Uitvoerende Kunste te bepaal.

Die frekwensies van faktore van die variansie-ontleding is vergelyk deur die Chikwadraat (χ^2) te bepaal.

KWALITATIEWE ONDERSOEK

Deelnemers

Die deelnemers, wat deur die onderskeie hoofde van die Drama - en Beeldende Kunste departemente geïdentifiseer is as vrywillige deelnemers, is verdeel in twee fokusgroepe. Daar is gebruik gemaak van 'n eenvoudige ewekansige streekproefstrekking ten opsigte van die vrywilligers van dié groepe. Die gekose studente is daarna persoonlik genader en gevra om aan die navorsing deel te neem. Die eerste fokusgroep het bestaan uit 5 tweedejaar-studente (4 dames en 1 man) met B.A. Beeldende Kunste as studierigting. Die tweede fokusgroep het bestaan uit 5 tweedejaar-studente (3 dames en 2 mans) in die B.A. Drama-studierigting.

Prosedure van die ondersoek

Kwalitatiewe ontleding van die fokusgroepe se onderhoudskedules is as kontrole aangewend ten opsigte van kwantitatiewe resultate wat verkry is. Die volgende vrae is aan die groepe gestel op ‘n ondehoudskedeule, waar elkeen die geleentheid gegun is om hul response neer te skryf:

- Wat het jou geïnspireer om te besluit op ‘n loopbaan in kuns?
- Wanneer laas het jy op jou intuïsie staatgemaak vir besluitneming? Beskryf die situasie.
- Waarin sal jy sê is jou inspirasie in kuns gesetel? Denke of gevoel? Verduidelik jou keuse.

Daarna is ‘n kwalitatiewe ontleding van die fokusgroepe se onderhoudskedules gedoen.

RESULTATE

Kwantitatiewe ondersoek

Die kwantitatiewe navorsingsresultate sal vervolgens aan die hand van tabelle en grafieke bespreek word. Die volgende afkortings word in al die tabelle en grafieke gebruik: **N**: Intuïsie; **W**: Waarneming; **N/W**: Intuïsie/Waarneming; **G**: Gevoel; **D**: Denke; **G/D**: Gevoel/Denke; **A 2**: Ontwerp (skeppend) & **A 3**: Vermaak.

Tabel 2 – kom hier

Die frekwensie-ontleding het getoon dat 54.66 % van die steekproef in die N-kategorie gevval het; terwyl 37.39 % in die W-kategorie en 7.95 % in die N/W-kategorie gevval het. 30.56 % van die steekproef het in die G/N-kategorie gevval; terwyl slegs 20.50 % van die steekproef in die D/N-kategorie gevval het. Die verband tussen gevoel-denke teenoor intuïsie-waarneming is statisties betekenisvol op die 5 % peil (*p*-waarde = 0.0375).

Grafiek 2 – kom hier

Daar is bevind dat 30.56 % van die totale steekproef in die N/G-kategorie geval het, terwyl 20,5 in die N/D-kategorie geval het. Slegs 16.52 % van die totale steekproef het in die W/G-kategorie geval en 18.14 % van die totale steekproef het in die W/D-kategorie geval. Dit het dus geblyk dat die grootste persentasie van die steekproef in die N/G-kategorie geval het.

Tabel 3 – kom hier

Volgens die frekwensie-ontleding het 55.91 % van die steekproef van die N-kategorie in die G-kategorie geval, terwyl 37.50 % van die steekproef van die N-kategorie in die D-kategorie en 6.59 % van die steekproef van die N-kategorie in die G/D-kategorie geval het. 44.19 % van die steekproef van die W-kategorie het in die G-kategorie geval, terwyl 48.50 % van die W-kategorie in die D-kategorie geval het en 7.31 % van die W-kategorie in die G/D-kategorie geval het. Dit blyk dus uit die frekwensie-ontleding dat die grootste persentasie van die steekproef in die N/G-kategorie geval het en dat die persentasie van die steekproef wat in die N/G-kategorie geval het, meer was as die persentasie van die steekproef wat in die N/D-kategorie geval het.

Tabel 4 – kom hier

“Die rangkorrelasiekoeffisiënt van Spearman word gebruik as maatstaf van sterkte van algemene verwantskap tussen twee karakteristieke.” (Steyn et. al., 1994: 615.) Vir statistieke verwerking is die G-faktor en D-faktor en die N-faktor en W-faktor saamgegroep. Aangesien G-D op ’n kontinuum is, sal kleiner waardes beduidend wees op G, terwyl groter waardes beduidend sal wees op D. Die N-W is ook op ’n kontinuum, dus sal kleiner waardes beduidend wees op die N-faktor en groter waardes beduidend wees op die W-faktor. Dit blyk uit die rangkorrelasiekoeffisiënt van Spearman dat daar negatiewe korrelasies tussen N-W en Beeldende Kunste (-0.38874) en tussen N-W en Uitvoerende Kunste (-0.23855) bestaan. Dit sou veronderstel dat hoe kleiner die N-W waarde (dus meer N), hoe hoër sou die belangstelling in onderskeidelik Beeldende- en Uitvoerende Kunste word. Daar was ’n hoër korrelasie tussen Beeldende Kunste en A 2 (0.72803) en ook tussen Uitvoerende Kunste en A 3 (0.65426). Dit blyk dat daar negatiewe korrelasies tussen N-W en A 2 (-0.34925) en tussen N-W en A3 (-

0.21865) bestaan. Daar is dus bevind dat die korrelasies van die JPV se N-faktor teenoor die 19-VBV se Beeldende Kunste- en Uitvoerende Kunste-faktore in dieselfde volgorde was as die JPV se N-faktor teenoor die SABBV se A 2- en A 3-faktore. Die verwantskap tussen Kreatiewe Denke en Beeldende Kunste (0.20279) is positief, sowel as die verwantskap tussen Kreatiewe Denke en Uitvoerende Kunste (0.14217). Dit wil voorkom asof daar 'n positiewe korrelasie tussen G-D en Kreatiewe Denke (0.25903) en 'n negatiewe korrelasie tussen N-W en Kreatiewe Denke (-0.12426) bestaan.

Gemiddeldes met eenderse letters/simbole op die Scheffe-groeperings in tabelle 5-9, byvoorbeeld A A, dui daarop dat daar nie betekenisvolle verskille tussen die veranderlikes bestaan nie. Gemiddeldes met verskillende letters/simbole op die Scheffe-groeperings in tabel 5-9, byvoorbeeld A B, dui daarop dat daar betekenisvolle verskille tussen die veranderlikes bestaan.

Tabel 5 – kom hier

Die gemiddeldes van Beeldende Kunste het aangetoon dat daar nie betekenisvolle verskille bestaan tussen die G/D-, G- en D-faktore nie en dit word dus nie in die tabel gereflekteer nie. Die persone van die N-kategorie het 'n groter belangstelling in Beeldende Kunste getoon as die persone van die W-kategorie.

Tabel 6 – kom hier

Geen betekenisvolle verskille bestaan tussen die gemiddeldes van die D-, G/D- en D-indekse vir die Scheffe-toets vir gemiddeldes van Uitvoerende Kunste nie en dus word dit nie in die tabel gereflekteer nie. Die persone van die N-kategorie het ook 'n groter belangstelling in uitvoerende kunste getoon as persone van die W-kategorie.

Tabel 7 – kom hier

Daar het wel betekenisvolle verskille bestaan tussen die G- en D-indekse vir die gemiddeldes vir Kreatiewe Denke. Die gemiddeld van G teenoor Kreatiewe Denke (5.5547) was laer as die gemiddeld tussen D en Kreatiewe Denke (6.4838). Die persone

van die N-kategorie het groter belangstelling getoon in belangstelling in beroepe, wat verband hou met kreatiewe denke as die persone van die W-kategorie.

Tabel 8 – kom hier

Die Scheffe toets vir gemiddeldes van A 2 het geen betekenisvolle verskille tussen die G-, G/D- en D-indekse gevind nie, dus is dit nie in die tabel gereflekteer nie. Die persone van die N-kategorie het 'n groter belangstelling in skeppende ontwerp-beroepe getoon as persone van die W-kategorie.

Tabel 9 – kom hier

Geen betekenisvolle verskille is gevind vir die G-, D- en G/D-indekse op die gemiddeldes van A 3 nie en dus word dit nie in die tabel gereflekteer nie. Daar was weereens bevestiging dat persone van die N-kategorie 'n groter belangstelling in vermaaklikheidsberoepes getoon het as persone van die W-kategorie.

Kwalitatiewe ondersoek

Die reaksies van die deelnemers op die vrae van die onderhoudskedeule word vervolgens bespreek..

B.A. Beeldende Kunste-studente

Die volledige response van die deelnemers in die Beeldende Kunste fokusgroep is vervat in Bylae A.

Die vraag ten opsigte van wat die keuse tot 'n loopbaan in kuns bepaal het, het klaarblyklik uiteenlopende sienings by dié groep tot gevolg gehad. Die meeste response het die keuse tot 'n loopbaan in die kunste in verband gebring met 'n persoonlike passie of voorliefde vir kuns. 'n Verdere sentrale tema was dat 'n loopbaan in kuns aan die studente vryheid verleen om emosies en denke op kreatiewe manier subjektief weer te

gee. 'n Loopbaan in beeldende kunste het volgens die bepaalde groep nie so 'n strenge struktuur nie en bevredig dus die behoefté aan vryheid as 'n medium vir uitbeelding.

Die meeste van die groep het op die vraag oor die rol van intuïsie in die besluitnemingproses aangedui dat hulle elke dag op hul intuïsie staatmaak vir besluitneming. Party het egter aangedui dat intuïsie sterker betrokke is by kleiner, algemene besluite, terwyl groter besluite, wat groter gevolge inhoud, meer rasioneel benader sal word. Hulle is dit egter eens dat die eindbesluit steeds deur intuïsie beïnvloed sal word.

Daar was redelike ooreenstemming tussen die studente oor die teenwoordigheid van denke en gevoel in inspirasie in kuns. Hulle het aangedui dat daar nie regtig onderskeid getref behoort te word tussen die belangrikheid van denke en gevoelens as dit by kuns kom nie. Die sentrale tema was dat denke en gevoel interafhanglik reageer. Hulle verduidelik inspirasie as 'n proses, waar gevoel die besluit beïnvloed; dat dit aanleiding gee tot bepaalde denke vir beplanning; en dat interaksie tussen denke en gevoelens sou plaasvind vir die uitvoering vir die uitbeelding van die spesifieke gevoel. Volgens hulle speel denke dus 'n belangrike rol in die kommunikasie van die betrokke gevoel van inspirasie. Daar was egter ook 'n aanduiding dat inspirasie verband kan hou met omgewingsinvloede en die teenwoordigheid van ander kunswerke of kunstenaars as rolmodelle.

B.A. Drama-studente

Die volledige response van die deelnemers uit die Uitvoerende Kunste-fokusgroep is vervat in Bylae B.

Dié studente het meestal aangedui dat hulle nog altyd kuns wou beoefen en dat 'n keuse tot 'n loopbaan in kuns gekoppel kan word aan 'n lewenslange passie. Verder was daar aanduidings dat die invloed van rolmodelle (ander akteurs en films) nie buite rekening gelaat kan word nie. Een student het veral die verskeidenheid en awisseling van 'n loopbaan in Drama aantreklik gevind, asook die persoons-georiënteerdheid daarvan.

Intuïsie het klaarblyklik 'n belangrike rol gespeel in besluitneming in al die Drama-studente se lewens. Twee studente het aangedui dat intuïsie 'n direkte invloed uitgeoefen het op die keuse vir 'n loopbaan in die kunste. 'n Ander student het aangedui dat intuïsie selfs 'n rol in die hantering van persoonlike finansies sou speel.

Dié groep het ook aangedui dat beide denke en gevoel belangrik sou wees vir inspirasie in die kunste. Die oorgrote meerderheid het egter aangedui dat gevoel die grootste rol sou speel. Denke vervul waarskynlik die rol om te kan differensieer en betekenis aan gevoel te gee.

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die kwantitatiewe navorsing het Bastick (1982) en Wanless (2002) se sienings ondersteun dat intuïsie afhanklik is van gevoel. Die grootste persentasie van dié deelnemers het in intuïsie-gevoel-kategorie gevall en die persentasie van die deelnemers in die intuïsie-gevoel-kategorie was hoër as dié in die intuïsie-denke-kategorie. Die idee dat *rasionele* denke nie intuïsie kan beheer of verklaar nie (Birgerstam, 2002), dat dit verskil van denke en deur denke en logika beïnvloed kan word (Bayne et. al., 1994), sou dus ook ondersteun kon word. Die meerderheid deelnemers vanuit die Drama-fokusgroep het gemeen dat gevoel die grootste rol in inspirasie in kuns vervul, wat dan ook ondersteunend is vir die resultate van die kwantitatiewe navorsing. Beide fokusgroepe het egter ook aangedui dat daar nie onderskeid getref moet word tussen die belangrikheid van gevoel en denke by inspirasie in kuns nie. Die beeldende kunste-studente het veronderstel dat denke en gevoel interafhanklik reageer. Dit sou Root-Bernstein (2002) se siening ondersteun dat gevoel 'n vorm van denke is en ook Pitcher (1999) se idee dat denke gebaseer is op gevoel. Die beeldende kunste-fokusgroep het verklaar dat gevoel besluite sou beïnvloed; dit dan tot bepaalde denke aanleiding sal gee vir beplanning; en dat daar vervolgens interaksie sal plaasvind tussen denke en gevoel vir die uitvoering en uitbeelding van die spesifieke gevoel. Die interaksie-beginsel is ook deur Williams en Irving (1996), Birgerstam (2002), Wanless (2002) en Bonabeau (2003) verklaar as realiteit wat geskep word deur integrasie van dit wat ekstern geskep is met gebeure wat intern afgebeeld is. Beide fokusgroepe het gemeen dat denke dus 'n belangrike rol speel in die kommunikasie van gevoel, deurdat dit 'n rol speel in

differensiëring en wanneer betekenis aan gevoel gegee word. Dit het Williams en Irving (1996) se siening ondersteun dat gevoel betekenis verkry deur kognitiewe reflektering. Die navorsers bevraagteken dus Du Toit (1995) se veronderstelling dat intuïsie nie teweegbring word deur denke of gevoel nie. Daar word dan vervolgens tot die gevolgtrekking gekom dat intuïsie meer verband hou met gevoel as met denke. Inspirasie vir kuns ontstaan wel uit gevoel, maar sal deur tussenspel van gevoel en intuïsie deur denke gekommunikeer en tot uiting gebring word.

Intuïsie het volgens die kwantitatiewe navorsing 'n groter rol as waarneming getoon ten opsigte van die belangstelling in beroepe waar kreatiewe denke 'n rol speel. Sodanige belangstelling word veral meer beïnvloed deur intuïsie en denke. Belangstellings in die beeldende kunste en uitvoerende kunste het 'n positiewe korrelasie met belangstelling in kreatiewe denke getoon. Die resultate stem dus met Bastick (1982) se siening dat kreatiwiteit afhanklik is van intuïsie en dat intuïsie die eerste fase vir kreatiwiteit vorm, ooreen. Patrick (1976) se onderskeiding van vier fases by kreatiewe denke word ondersteun, aangesien dit veronderstel dat denke betrokke is by voorbereiding en inkubasie; dat insig deur intuïsie by illuminering sou voorkom (Adair, 1990); en dat verifikasie (Beardsley, 1976) ten doel sal hê om emosioneel en intuïtief te evalueer en dan die konsep te aanvaar of te verwerp. Jung (Guiora et. al., 1965) se gelykstelling van intuïsie en kreatiwiteit word bevraagteken, aangesien sowel gevoel as denke betrokke is in die kreatiewe proses. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat intuïsie 'n belangrike rol speel in die keuse van kreatiewe denke-beroep, en dat belangstelling in kreatiewe denke steeds afhanklik is van gevoel vir verifikasie in die kreatiwiteitsproses.

Beide die beeldende en die uitvoerende kunste het 'n verwantskap getoon met intuïsie-waarneming, en in die kwantitatiewe ondersoek het meer persone van die intuïsie-kategorie as van die waarneming-kategorie belangstelling in genoemde kunsrigtings getoon. Dié resultate het weereens vir Bastick (1982) se siening ondersteun dat insig en intuïsie relevant vir alle studierigtings is. Die twee fokusgroepe het aangetoon dat hul inspirasie vir 'n loopbaan in die kunste uit 'n persoonlike lewenslange passie of voorliefde vir kuns ontstaan het. Volgens Parsons (Hartung & Blustein, 2002) sou dit verklaar kan word deurdat beroepskeuse eerstens bepaal word deur 'n duidelike begrip van die persoon se sterktes en tekortkominge. Die dramagroep het aangedui dat dit belangrik sou wees om die invloed van rolmodelle (ander akteurs en films) in

aanmerking te neem op die keuse van 'n kunsloopbaan. Parsons (Hartung & Blustein, 2002) se tweede faktor van beroepsbesluitneming het 'n kennis van die vereistes en voorwaardes van sukses behels. Die deelnemers uit die beeldende kunste-rigting het veronderstel dat 'n loopbaan in kuns aan hulle die vryheid sal bied om gevoel en denke op kreatiewe wyse subjektief weer te gee en ook dat kuns nie so 'n streng werkstruktuur soos ander loopbane inhou nie. Die dramagroep het weer gefokus op die groter verskeidenheid en persoonsgeoriënteerdheid in 'n kunsloopbaan. Hartung en Blustein (2002) se siening dat intuïsie, emosie, subjektiwiteit en interafhanklikheid belangrik is vir beroepsbesluitneming sou dus ook op kunsloopbane van toepassing wees. Die gevolg trekking word gemaak dat intuïsie, in samewerking met faktore soos die persoon se sterktes en tekortkominge en kennis van die vereistes en voorwaardes vir sukses, 'n bepalende rol speel in besluitneming oor artistieke loopbane.

Die kwantitatiewe navorsing het aangetoon dat intuïsie-waarneming gekorreleer het met beeldende kunste (wat ontwerp-skeppende beroepe insluit), sowel as uitvoerende kunste (wat vermaakklikheidsberoepe insluit). Hoe sterker die intuïsie-faktor word, hoe hoër sal die belangstelling in die beeldende en uitvoerende kunste wees. Die korrelasie tussen intuïsie en beeldende kunste (wat ontwerp-skeppende beroepe insluit) duif op 'n tendens dat dié verband ietwat sterker is as tussen intuïsie en uitvoerende kunste (wat vermaakklikheidsberoepe insluit). Intuïsie het veral 'n groter invloed as waarneming in belangstelling in beide beeldende en uitvoerende kunste getoon. Deelnemers uit beide fokusgroepe het aangedui dat intuïsie 'n invloed uitgeoefen het op hul keuse van 'n artistieke beroep. Hulle het verder veronderstel dat hulle daagliks van hulle intuïsie gebruik sou maak vir alledaagse, klein algemene besluite. Dit blyk egter dat die beeldende kunste-groep groter besluite, wat meer gevolge inhou, meer rasioneel sal benader, maar dat die eindbesluit steeds deur intuïsie beïnvloed sal word. Daar was dus ooreenkoms met Du Toit (1995), Bateson (Williams & Irving, 1996), Moss (1999), Linzey (2001) en Koontz (2001) se sienings oor beeldende kunste en Du Toit (1995) en DeBellis (1999) se sienings oor uitvoerende kunste oor die teenwoordigheid van intuïsie en gevoel in besluitneming in artistieke loopbane. Daar kan egter vervolgens ook tot die gevolg trekking gekom word dat intuïsie 'n tendens toon om sterker te korreleer met belangstelling in die beeldende kunste as met belangstelling in die uitvoerende kunste.

Die navorsing was beperk tot universiteitstudente met 'n bepaalde intelligensie- en skolingsvlak. Dit maak dus nie voorsiening vir ongeskoolde en lae-geskoolde kunstenaars nie. Die resultate sou dus nie eweredig op alle populasies en toestande van toepassing gemaak kan word nie, aangesien dit nie voorsiening maak vir omgewingsinvloede soos tekorte aan blootstelling aan kuns en beskikbaarheid van hulpbronne nie. Die kwalitatiewe navorsing was egter ook té gestruktureerd ten opsigte van inspirasie en het nie genoegsame uitbreiding gemaak ten opsigte van die loopbaanbesluitnemingsproses nie. Jung se persoonlikheidsvraelys is nie oorspronklik ontwikkel om kwantitatief geïnterpreteer te word ten opsigte van intuïsie nie, maar dit het wel 'n waardevolle bydrae gelewer ten opsigte van beroepsbesluitneming. Die bepaling van kreatieve belangstelling deur die vergelyking van intuïsie met belangstelling in kreatiewe denke sou eensydig wees, aangesien die kreatiewe proses ook denke en gevoel insluit.

Die navorsing het wel die waarde van gevoel by intuïsie bevestig. Die betrokkenheid van intuïsie by belangstelling in kreatiewe denke en artistieke belangstellings, en intuïsie se sterker korrelasie ten opsigte van beeldende kunste, was waardevolle inligting vir voorligtingsielkundiges ten opsigte van beroepsaanbevelings. Dit het veral 'n belangrike bydrae gelewer ten opsigte van artistieke beroepsaanbeveling by universiteite. Die navorsing het ook die weg gebaan vir toekomstige navorsing oor die evaluering van beeldende en uitvoerende kunstenaars as maatstaf vir die ontwikkeling en bereiking van hulle volle artistieke potensiaal.

BIBLIOGRAFIE

- Adair J 1990. *The art of creative thinking*. Newlands: Talbot Adair Press.
- Bahm A J 1960. *Types of Intuition*. University of New Mexico Publications in Social Sciences and Philosophy, no.3: University of New Mexico Press.
- Bastick T 1982. *Intuition: How we think and act*. Chichester: John Wiley & Sons.
- Bayne R, Horton U I, Merry T & Noyes E 1994. *The Counsellor's Handbook*. London: Chapman & Hall. p. 85.
- Beardsley M C 1976. On the creation of art, in *The creativity question*, edited by A Rothenberg & C R Hausman. Durham, N.C.: Duke University Press.
- Birgerstam P 2002. Intuition – the way to meaningful knowledge. *Studies in Higher Education*, 27(4): 431-445, Oct.
- Bonabeau E 2003. Don't trust your gut. *Harvard Business Review*, 81(5): 116-124, May.
- Carlson L K & Kaiser K 1999. Intuitive Intelligence. *Health Forum Journal*, 42(5): 50-54, Sep/Oct.
- Clarke R D 2001. Trust your gut. *Black Enterprise*, 31(9): 145-146, Apr.
- DeBellis M 1999. What is musical intuition? Tonal theory as cognitive science. *Philosophical Psychology*, 12(4): 471- 502, Dec.
- Du Toit L B H 1995. *Handleiding vir die Jung-persoonlikheidsvraelys*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Du Toit R, Prinsloo W B J, Gevers J & Harilall R 1993. *Handleiding vir die Suid-Afrikaanse Beroepsbelangstellingsvraelys (SABBV)*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Foltz-Gray D 2003. How to tap your intuition. *Health*, 17(2): 167-169, Mar.

Fouché F A & Alberts N F 1970. *19-Veld-Belangstellingsvraelys*. Pretoria: Instituut vir Psigometriese Navorsing.

Guiora A Z, Bolin R K, Dutton C E & Meer B. 1965. Intuition: a preliminary statement. *Psychiatric Quarterly*, 39(1): 110-122.

Hall K H 2002. Reviewing intuitive decision-making and uncertainty: the implications for medical education. *Medical Education*, 36(3): 216-225, Mar.

Hartung P J & Blustein D L 2002. Reason, Intuition, and Social Justice: Elaborating on Parson's Career Decision-Making Model. *Journal of Counseling & Development*, 80(1): 41-48, Winter.

Jung C G 1949. *Psychological types of the psychology of individuation*. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Jung C G 1950. *The integration of the personality*. London: Routledge & Kegan.

Jung C G 1954. *The development of personality*. London: Routledge & Kegan.

Jung C G 1976. On the relation of analytic psychology to poetic art, in *The creativity question*, edited by A Rothenberg & C R Hausman. Durham, N.C.: Duke University Press.

Koontz K 2001. Intuition gets real. *Health*, 15(9): 98-102, Nov.

- Lavoisier A & Krebs H 1989. Two styles of scientific creativity, in *Creative people at work: twelve cognitive case studies*, edited by D B Wallace & H E Gruber. New York: Oxford University Press.
- Lee H B 1976. A theory concerning free creation in the inventive arts, in *The creativity question*, edited by A Rothenberg & C R Hausman. Durham, N.C.: Duke University Press.
- Linzey M 2001. On the secondness of Architectural Intuition. *Journal of Architectural Education*, 55 (1): 43-51, Sep.
- McCrae R R & Costa P T 1989. Reinterpreting the Myers-Briggs Type Indicator from the perspective of the Five-Factor Model of Personality. *Journal of Personality*, 57(1): 17-40, March.
- McCrae R R & Costa P T 1991. Tests and assessment: The NEO Personality Inventory: using the Five-Factor Model in counseling. *Journal of Counseling & Development*, 69: 367-372, March/April.
- McMullen B 2003. Spiritual intelligence. *Student BMJ*, 11: 60-62, Mar.
- Moss L 1999. A measured intuition. *American Artist*, 63(689): 50-69, Dec.
- Patrick C 1976. Creative thought in artist, in *The creativity question*, edited by A Rothenberg & C R Hausman. Durham, N.C.: Duke University Press.
- Pitcher P 1999. Artists, craftsmen & technocrats. *Training & Development*, 53(7): 30-34, Jul.
- Quenk A T & Quenk N L 1985. The use of psychological typology in analysis, in *Jungian Analysis*, edited by M Stein. Boston: Shambhala.
- Robinson W 2001. Listening to your inner voice: the art of intuition. *Mothering*, 105: 72-77, Mar/Apr.

Root-Bernstein R S 2002. Aesthetic cognition. *International Studies in the Philosophy of Science*, 16(1): 61-78, Mar.

Rothenberg A & Hausman C R 1976. The Creativity Question, in *The Creativity Question*, edited by A Rothenberg & C R Hausman. Durham, N.C.: Duke University Press.

Ruth-Sahd L A 2003. Intuition: a critical way of knowing in a multicultural nursing curriculum. *Nursing Education Perspectives*, 24(3): 129-135, May/Jun.

Salibury T, De Boer H P, Otterspoor M & Boray L 1998. Follow your heart, in *In love with you*, sung by D Winner. Belgium: EMI Belgium NV

Spoto A 1995. *Jung's typology in perspective: Revised Edition*. Wilmette, Illinois: Chiron Publications.

Steyn A G W, Smit C F, Du Toit, S H C & Strasheim C 1994. *Moderne statistiek vir die praktyk*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Thompson T & Boss S 2002. Unlock the power of your intuition. *Good Housekeeping*, 235(2): 68-63, Aug.

Van Staden F J 1992. *'n Validering van die Jung-persoonlikheidsvraelys*. Rand Afrikaanse Universiteit: Departement van Voorligtingsielkunde.

Wanless J 2002. Using intuition at work. *Women in Business*, 54(3): 44-47, May/Jun.

Williams D I & Irving J A 1996. Intuition: a special kind of knowing? *Counselling Psychology Quarterly*, 9(3): 221-229, Sep.

Wilson J M 1998. Art-making behavior: Why and how arts education is central to learning. *Arts Education Policy Review*, 99(6): 26-34, Jul/Aug.

KWANTITATIEWE ONDERSOEK

GRAFIEKE EN TABELLE

Tabel 5: Scheffe Toets vir gemiddedes van Beeldende Kunste (n = 805)

Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	N - W
A	4.9341	440	N
B	3.7813	64	N/W
B			
B	3.5249	301	W

Tabel 6: Scheffe Toets vir gemiddedes van Uitvoerende Kunste (n = 805)

Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	N - W
A	4.5477	440	N
A			
B A	4.0625	64	N/W
B			
B	3.6944	301	W

Tabel 7: Scheffe Toets vir gemiddeldes van Kreatiewe Denke (n = 805)

Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	G – D
A	6.4838	339	D
A			
B	6.0364	55	G/D
B			
B	5.5547	411	G
Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	N – W
A	6.2523	440	N
B	5.7031	64	N/W
B			
B	5.6379	301	W

Tabel 8: Scheffe Toets vir gemiddeldes van A 2 (n = 805)

Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	N – W
A	3.2045	440	N
B	2.2656	64	N/W
B			
B	1.9169	301	W

Tabel 9: Scheffe Toets vir gemiddeldes vir A 3 (n = 805)

Scheffe Groepering	Gemiddeld	n	N - W
A	2.4477	440	N
A			
B A	2.2969	64	N/W
B			
B	1.7741	301	W

BYLAE A

KWALITATIEWE ONDERSOEK

B.A. BEELDENDE KUNSTE:

**RESPONSE VAN STUDENTE OP
ONDERHOUDSKEDULE**

RESPONSE VAN DEELNEMERS A 1 – A 5:

1. Wat het jou geïnspireer om te besluit op ‘n loopbaan in kuns? *What inspired you to decide upon a career in art?*

A1: “Dit is een van die min loopbane, wat nie streng gestruktureerd is nie. Ek hou daarvan om my eie ding te doen en wil nie elke dag ’n roetine navolg nie. Ek het dus gevoel dat kuns die beter opsie is en dat ek myself hierdeur kan uitleef.”

A 2: “Vryheid om emosies en denke op ‘n kreatiewe manier subjektief weer te gee. Asook die besondere voorliefde daarvoor en die uitdaging om kognisie met estetika te kombineer.”

A 3: “Dit is iets wat ek nog altyd wou doen. Ek het eers in die finansiële rigting gewerk, maar het vinnig besef dit is nie wat ek vir die volgende 40 jaar wil doen nie.”

A 4: “My passie vir die kunste het my geïnspireer. Ek dink ook dit is belangrik om kuns te behou in Suid-Afrika. Kuns beskryf myself en dit is die enigste medium waarin ek my (werklik) kan uitbeeld.”

A 5: “Art has always played an important part in my life. I was always surrounded by creativity and decided art was the best way to express myself as I am a very quiet person.”

2. Wanneer laas het jy op jou intuïsie staatgemaak vir besluitneming? Beskryf die situasie. *When last did you trust upon your intuition for decision-making? Describe the situation.*

A 1: “Ek maak elke dag op my intuïsie staat, maar as ek ’n voorbeeld moet gee, sal dit wees toe ek huistoe gestap het laat een aand. ’n Man het my dopgehou en ek het net gevoel daar is iets verkeerd. Ek het my selfoon en beursie uit my handsak gehaal en weggesteek. Hy het met my begin praat. Dit het daarop neergekom dat hy my handsak wou hê. Toe hy sien daar was niks van waarde in nie, het hy weggehardloop.”

A 2: “Ek doen dit ten minste 10 keer ‘n dag – klein besluite soos koffie of tee, roete om te ry ens. Groter en meer belangrike besluite is ek geneig om te rasionaliseer en goed te deurdink, veral die gevolge wat die besluit behels.”

A 3: “Ek kan nie spesifiek onthou wanneer ek op intuïsie staatmaak in besluitneming nie. “Gut feel” word gewoonlik gevolg deur rasionale besluitneming. Intuïsie sou moontlik my finale besluit beïnvloed.”

A 4: “Dit was toe ek op skool was en my pa wou nie gehad het dat ek kuns (op skool) neem nie, sowel as dit te studeer. Ek het toe self die besluit geneem en geweet wat reg is vir my. As ek nie blootgestel was aan kuns op skool, sou ek seker dit nooit kom studeer het nie.”

A 5: "With our last project we had the choice to do whatever we wanted to. After a lot of thinking of what would be appropriate, I went with my intuition on what to do and even though initially it didn't seem right, it does now."

3. **Waarin sal jy sê is jou inspirasie in kuns gesetel? Denke of gevoel? Verduidelik jou keuse. In what would you say would your inspiration in art be found? Thoughts or feeling? Explain your choice.**

A 1: "Ek dink nie jy kan onderskei tussen die twee nie. Denke en gevoel werk saam. Ek het sterk gevoelens oor sekere dinge, en dan sal ek daaroor dink en redeneer, om op die einde tot 'n oplossing te kom oor hoe om dit uit te beeld."

A 2: "Die strewe na die goue middeweg tussen denke en gevoel. Denke speel vir my 'n NB rol in my gevoel en hoe ek dit gaan oordra. Kuns is nie net vir my esteties en 'pretty pictures' nie – breinkrag kan 'n werk na iets laat lyk en dit kan gevoel subtel laat voorkom in die werk. Sommige dae is denke belangriker en ander dae gevoel."

A 3: "Denke en gevoel. In die besluitnemingsfase van 'n projek speel gevoel die grootste rol. Die beplanning gaan gepaard met die denke aangesien ek altyd eers navorsing doen. In die uitvoering speel altwee saam 'n rol. Soms kan jy "voel" of iets werk en soms kan jy 'n werk teoreties ontleed."

A 4: "Daar is verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars wat my inspireer, sowel as my kreatiewe denke. Denke en gevoel speel albei 'n belangrike rol in my inspirasie, sowel as my omgewing waarin ek leef."

A 5: "Majority of the time it's thought over feelings. I would usually express the thoughts in my head rather than the way I feel about it. My feelings might come through in the mark making of my drawing, painting, etc."

BYLAE B

KWALITATIEWE ONDERSOEK

B.A. DRAMA:

**RESPONSE VAN STUDENTE OP
ONDERHOUDSKEDULE**

RESPONSE VAN DEELNEMERS B 1 – B 5:

1. Wat het jou geïnspireer om te besluit op ‘n loopbaan in kuns? *What inspired you to decide upon a career in art?*

B 1: “I wouldn’t say I was really inspired by anything or anyone. I just KNEW that this is what I want to do. And no matter what route I took, I will eventually end up in the arts.”

B 2: “My life long passion and love for movies. Also my contacts in the film industry. I knew several actors and I wanted to be like them.”

B 3: “I wanted a career that is varied and people-orientated. I have never wanted to do anything else.”

B 4: “The performing arts are my passion and it is what I’ve always wanted to do. I believe that it’s my vocation.”

B 5: “Dit was nie ‘n keuse vir my nie, toe ek begin dink het waarin ek belang gestel het deur my lewe, was die kunste altyd daar en ek het besef ek kan nie iets anders doen en gelukkig wees nie.”

2. Wanneer laas het jy op jou intuisie staatgemaak vir besluitneming? Beskryf die situasie. *When last did you trust upon your intuition for decision-making? Describe the situation.*

B 1: “When I had to make the decision to change from studying Sport Science to Drama, because I had studied Sport Science for 2 years, but I wasn’t enjoying it. And everyone was telling me to just do my final year at Sport Science before doing drama. But I just trusted my intuition and went and changed my course.”

B 2: “When I got money this year for my birthday and I decided to spend it all on what I’ve wanted for a long time – The DVD, ‘Friends’. I saw them in the shop and I bought the entire 8th season.”

B 3: “I use my intuition everyday to make decisions.”

B 4: “I recently was offered to do something and I turned it down, due to my intuition telling me not to – it was a good idea!”

B 5: “2 maande gelede. Ons was ’n werk aangebied en ek het ’n slegte gevoel gekry daaroor en ontrek. Die studente het tot vandag toe nog nie betaling ontvang, wat belowe was nie.”

B 2: “When I watch a film, I analyse it critically in detail. I think carefully about artistic detail and I admire small things that few people notice. However I am

B 1: “I don’t really understand the question, but I would say both, but mostly feelings, because I am (sort of) a song writer and when I write, I mostly write what I’m feeling and sometimes about what I think about society, people etc.”

3. *Wat is jou inspirasie in kuns gesê? Denke of gevole?*
Verduidelik jou keuse. In wat wou你说什么 would you say would your inspiration in art

**3. Waarin sal jy sê is jou inspirasie in kuns gesetel? Denke of gevoel?
Verduidelik jou keuse. *In what would you say would your inspiration in art
be found? Thoughts or feeling? Explain your choice.***

B 1: "I don't really understand the question, but I would say both, but mostly feelings, because I am (sort of) a song writer and when I write, I mostly write what I'm feeling and sometimes about what I think about society, people etc."


B 2: "When I watch a film, I analyse it critically in detail. I think carefully about artistic detail and I admire small things that few people notice. However I am capable of getting goose bumps in emotional sequences of a film. Therefore both thought and feeling are important."

B 3: "Feelings. Art is an expression of personal feelings, and an outlet of emotions."


B 4: "The arts inspire me to think and make me feel, I can differentiate. I am however a feeling person, but it's my thoughts that help me figure out how I feel I try to see art in everything."

B 5: "Denke. My inspirasie soos meeste ander goed in my lewe begin by denke, gevoel speel ook 'n groot rol, maar ek is 'n vreeslike logiese persoon, wat alles eers baie oordink van verskillende perspektiewe af. Dus denke."

Grafiek 1: Uiteensetting van die eksperimenteel-toeganklike populasie: 2000 - 2002



Grafiek 2: Frekwensie persentasies van veranderlikes ten opsigte van die totale eksperimenteel-toeganklike populasie (n = 805)



Tabel 1: Uiteensetting van die eksperimenteel-toeganklike populasie (n = 816)

JAAR	VROULIK	MANLIK	TOTAAL
2000	178	99	277
2001	151	113	264
2002	155	120	275
TOTAAL	484	332	816

Tabel 2: Die Frekwensie-verdeling en Chi-kwadraattoets van Gevoel – Denke teenoor Intuisie – Waarneming van die totale eksperimenteel-toeganklike populasie (n = 805)

Frekwensie Persentasie	N < 4.5	W > 5.5	N/W 4.5 - 5.5	Totaal
G < 4.5	246 30.56	133 16.52	32 3.98	411 51.06
D > 5.5	165 20.50	146 18.14	28 3.48	339 42.11
G/D 4.5 - 5.5	29 3.60	22 2.73	4 0.50	55 6.83
Totaal	440 54.66	301 37.39	64 7.95	805 100
Statistiek	GvV	Waarde		p-waarde
Chi-kwadraat	4	10.1800		0.0375

- *Frekwensie verlore = 27*

Tabel 3: Die persentasie-verdeling van kategorieë van Gevoel – Denke teenoor Intuïsie – Waarneming (n = 805)

Persentasie	N < 4.5	W > 5.5	N/W 4.5 - 5.5
G < 4.5	55.91	44.19	50.00
D > 5.5	37.50	48.50	43.75
G/D 4.5 - 5.5	6.59	7.31	6.25
Totaal	100	100	100

- Frekwensie verlore = 27

Tabel 4: Spearman Korrelasiekoëffisiënte (n = 816) vir die bepaling van korrelasies tussen veranderlikes

	G – D	N – W	Beeldende Kunste	Uitvoerende Kunste	Kreatiewe Denke	A 2	A 3
G – D	1.00000	-	-	-	-	-	-
N – W	0.19806 <i>< .0001</i>	1.00000	-	-	-	-	-
Beeldende Kunste	-0.09861 <i>0.0048</i>	-0.38874 <i>< .0001</i>	1.00000	-	-	-	-
Uitvoerende Kunste	-0.08030 <i>0.0218</i>	-0.23855 <i>< .0001</i>	0.44182 <i>< .0001</i>	1.00000	-	-	-
Kreatiewe Denke	0.25903 <i>< .0001</i>	-0.12426 <i>0.0004</i>	0.20279 <i>< .0001</i>	0.14217 <i>< .0001</i>	1.00000	-	-
A 2	-0.15152 <i>< .0001</i>	-0.34925 <i>< .0001</i>	0.72803 <i>< .0001</i>	0.32082 <i>< .0001</i>	0.14822 <i>< .0001</i>	1.00000	-
A 3	-0.16943 <i>< .0001</i>	-0.21865 <i>< .0001</i>	0.31753 <i>< .0001</i>	0.65426 <i>< .0001</i>	0.13133 <i>0.0002</i>	0.39593 <i>< .0001</i>	1.00000

- Waarskynlikheid > [r] onder Ho: Rho=0